

WEPad Saam

GRATIS

Uitgawe 42 • April | Mei 2017



**Spesiale uitgawe:
Total-Landbou-smeermiddelgids**

Jaagsiekte

sluimerende siekte in skape

Wat presies beteken
lewensreg en watter
regte gee dit jou?

Is dit die einde van trusts?

**Herfskommadowurm
tref Suid-Afrika**

nu-pro
VOERE

PROMOSIE
Skole/Boereverenigings
R30/Ton skenking



NEEM DEEL AAN HIERDIE 6 MAANDE PROMOSIE EN
SAMEL FONDSE IN VIR DIE SKOOL/BOEREVERENIGING
VAN JOU KEUSE.

Geldig 1 April 2017 - 30 September 2017

PRODUKTE OP SPESIALE AANBOD:

- Alle Nu-Pro Skaap Produkte.
- Alle Nu-Pro Vleisbees produkte.
- Alle Nu-Pro Winterleкке.

Termes en Voorwaardes:

Sien www.nupro.co.za onder Promosies vir termes en voorwaardes.

AANDAG!!

Skole & Boereverenigings

Neem deel aan:

Nu-Pro Winter Promosie vanaf 1 April tot 30 September 2017.

U Skool se Beheerliggaam of Boerevereniging

U TEGNIESE BEMARKERS IS AS VOLG:

Alle Handelstakke Noord van Bethlehem: Pierre Haasbroek (Msc Agric Diervoeding)
060 975 7847 • pierre.haasbroek@nupro.co.za

Alle handelstakke Oos van Bethlehem en KZN: George Delpont (Bsc Hon Diervoeding)
073 255 0350 • georged@nupro.co.za

Alle Handelstakke Wes, Suid van Bethlehem: CM Kotzé (Bsc Agric Hon)
082 553 7189 • cmkotze@nupro.co.za

Besoek ons webtuiste ook vir produk inligting by www.nupro.co.za

PRODUKTE OP SPESIALE AANBOD:

SKAPE

- NP Lam Kruip Korrels.
- NP Lam Hokkie Korrels.
- NP Skaap Aanvangs Korrels.
- NP Skaap Afrond Korrels.
 - NP Stoetram Korrels.
- Konsentrate en ander Klante mengsels op aanvraag beskikbaar.

BEESTE & SKAPE

- 1 Stop Vetmes Konsentraat (Beefmax 40).
 - NP Winterlek 45.
- NP Grainlick 450 (op gestroopte lande).
 - NP Produksie Lek 28.
 - NP Hefgrow 17 (Back Rounding).
- Konsentrate en ander Klante mengsels op aanvraag beskikbaar.

Opsie bestaan om mielies by u naaste Safex Silo te lewer vir ons mielie omruilskema van mielies in u produk en alle koste na lewering is vir Nu-Pro se rekening. Kontak ons hieroor.

nu-pro
VOERE

www.nuprovoere.co.za • 058 303 9587/9

INHOUD

47-52

Herfskommandowurm tref Suid-Afrika

16-18

Wat presies beteken lewensreg en water regte gee dit jou?

Uitgewer:

VKB en NTK

Redakteur:

Hannelie Cronjé

Posbus 100

Reitz 9810

Tel. 058 863 8223

hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:

Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:

Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:

Lize Mulder

Druk:

Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:

Hannelie Cronjé (VKB)

hanneliec@vkb.co.za

Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg.

Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by aswem@vkb.co.za

5
6-7
8-9
10
12
14-15
16-18
20-21
22-25
26-27
28
31-44
47-52
53-55
56-57
58-61
62-65
66-67
68-73
75

Voorwoord
Volhoubare oesversekering
Standard Bank
Besigheidsoerwoud: Renoster
Hoe sien die minimumloon vir landbou daar uit?
Francois Sieberhagen: Mensehulpbronbestuurder VKB Groep
Wat presies beteken lewensreg en water regte gee dit jou?
Is dit die einde van trusts?
Is Agriparke die antwoord op die ontwikkeling van kleinboere?
Jaagsiekte, sluimerende siekte in skape
FAW-vragmotors
Landbousmeermiddelgid (Total)
Kommandowurm tref Suid-Afrika
Volstruise tuis in die Bosveld
Sakata
Gesondheid: Maniere om jou algemene gesondheid te verbeter en te behou
Wenke wat werk
Kinderhoekie: Vat hom, Jakkals
VKB- & NTK-nuus
Die Pad Saam vaart

53-55

Volstruise tuis in die Bosveld

26-27

Jaagsiekte, sluimerende siekte in skape

22-25

Is Agriparke die antwoord op die ontwikkeling van kleinboere?

58-61

Gesondheid: Maniere om jou algemene gesondheid te verbeter en te behou



Jy gaan

nooit bereik wat jy wil nie

deur Brian Parsley

Ek het 'n bietjie slegte nuus wat ek met jou moet deel: Die kans is goed dat jy nooit die lewensgeluk gaan vind waarvoor jy hoop nie. Om die waarheid te sê, jy sal waarskynlik nooit jou finansiële, gesondheids- of persoonlike doelwitte haal nie. Laat my toe om te verduidelik voordat jy vir my kwaad raak.

Aan die begin beplan almal van ons om 'n berg uit te klim, maar wanneer die lewe met ons gebeur, berus ons ons by die realiteit. Die feit is, jy het die potensiaal om enigiets te bereik waarop jy jou mikpunt stel as jy dit kies. Of laat ek dit anders stel: *as jy jou daartoe verbind*. Ons almal wil die beste weergawe van onself wees, of dit nou beteken om 'n "six pack" te hê, hope geld te maak of net gelukkig te wees. Ongelukkig het die meeste mense nie die geduld of die deursettingsvermoë om ten spyte van pyn sukses te behaal nie.

Dit kom neer op een woord: pynverdraagsaamheid. Pyn is egter 'n baie subjektiewe ding. Vra enige vrou oor die fisiese pyn wat sy moet deurmaak tydens geboorte. Tog word pyn nie net gedefinieer deur die gevoel wat deur sensoriese neurons oorgedra word nie; dit is ook die persepsie van ongemak. Ons almal hunker na plesier (uitkomst) maar vermy die pyn. Baie min belonings in die lewe kom sonder pyn. Natuurlik kan ons ander mense as modelle gebruik om sekere foute te vermy en die pyn minder te maak, maar as jy op soek is na 'n maklike manier om jou persoonlike of professionele doelwitte te bereik, droom voort.

Die lewe word nooit makliker nie, maar ervaring skep 'n hoër toleransie vir die pyn wat die lewe so vrylik uitdeel. Jou vermoë om in die aangesig van teenspoed te gedy, doen meer as om jou net sterker te maak – dit maak van jou 'n wenner!

Nog 'n belangrike punt is dat jy moet bepaal wat jy van elkeen van jou doelwitte wil hê. Dis nie die geld wat jy wil hê nie, want dis net papier: jy wil die vryheid hê wat dit jou bied. Wil jy regtig 'n "six pack" hê? As jy ten volle geklee is, sal niemand eens weet jy het een nie. Wat jy wil hê is die gevoel

dat jy iets vermag het wat meeste mense nooit sal hê nie. Is jou doelwitte regtig jou eie? Laat jy jou drome voorskryf deur sosiale standaarde of deur hoe jy deur ander mense geoordeel word?

Vir nuwe entrepreneurs vra ek drie vrae voordat hulle hul ondernemings begin: "Hoeveel geld moet jy binne die volgende ses maande verdien om dit vir jou die moeite werd te maak?" (Let wel, ek sê nie vyf jaar nie – ek wil weet wat die korttermynverwagtinge is. Ek kan die "pyn" van die volgende vraag dan dienooreenkomstig verander.) "Hoeveel tyd is jy bereid om elke dag daaraan te wy om hierdie doelwit te bereik?" (Die sleutel hier is toewyding, ongeag van hoe moeg jy is, of die kinders siek is of jou ander verpligtinge.) "Hoeveel maande is jy bereid om te wy aan hierdie onderneming met geen omset?" (Hierdie is die belangrikste vraag. Ons leef in 'n wêreld van onmiddellike gratifikasie, maar die werklikheid dikteer dat dinge nie maklik of vinnig gebeur nie.)

Jy kan hierdie vrae vra oor enigiets wat jy wil bereik. Persoonlike en professionele aspirasies kom altyd neer op bereidwilligheid om toegewyd te wees aan jou doelwit. Fokus op hoekom jy dit doen, en die res sal in plek val. Ek het vroeër verwys na vroue se pyndrempel. Hulle stop nie in die middel van die baba se geboorteproses en sê dis te moeilik nie. Hulle hou uit oor die groter beloning aan die einde. Dit is vir meeste mans moeilik om te verstaan, so ons sal liever 'n niersteen as voorbeeld neem, want dié gedagte laat die meeste mans ineenkrimp.

Onthou, pyn is subjektief, maar moet nooit voel dat jy alleen is in jou stryd nie. Druk deur die pyn in die wete dat jy op die ou einde trots sal wees omdat jy kon doen wat die meeste mense nie sou deurstaan nie.

- **Brian Parsley is 'n motiveringspreker en sakekonsultant. Besoek www.brianparsley.com en volg hom op Twitter by @brianparsley**

Hierdie rubriek het verskyn in die SAA Sawubona-tydskrif.



Volhoubare oesversekering

deur Johan van den Berg van Santam Landbou

Verskil tussen hael- en Multirisiko-oesversekering

Die doel van oesversekering is om die risiko van verskeie versekerdes te verpoel sodat 'n enkele versekerde nie alleen sy eie totale risiko in 'n seisoen self dra nie.

Met verpoeling is die veronderstelling dat nie alle versekerdes in 'n sekere seisoen eise sal kry nie of dat skades relatief klein is.

Hierdie benadering is korrek by gewone haelversekering waar die voorkoms van hael sporadies is en gewoonlik nie oor groot gebiede skade aanrig nie. Vir die individu kan 'n haelstorm egter alles vernietig, maar nie noodwendig skade aanrig by sy buurman nie. Die mens het ook geen of baie min beheer oor die voorkoms van hael of die skade aan 'n oes wat deur hael aangerig is.

Dit is egter nie die geval met Multirisiko-oesversekering nie. In hierdie geval word veral droogteskade gedek wat gewoonlik voorkom oor groot gebiede. Die meeste versekerdes ly skade en die geakkumuleerde skades kan enorme bedrae beloop. Die premie wat deur 'n versekeraar ingekry is vir die spesifieke jaar is nie naastenby genoeg om voorsiening te maak vir eise in so 'n jaar nie. Die verpoelingseffek is dus nie nou net tussen versekerdes vir die spesifieke seisoen nie, maar die verpoeling van versekerdes oor 'n aantal seisoene. Dus moet daar genoegsame deelname in nie-eise jare wees om voorsiening te maak vir seisoene met groot eise.

By Multirisiko-oesversekering speel bestuur van die produsent ook 'n groot rol: Swak bewerking, swak onkruidbeheer, aanplant buite normale plantdatums, swak grondvrugbaarheid, swak saad of kultivars wat nie aangepas is by die omgewing nie en 'n klomp ander faktore kan "mensegemaakte" eise veroorsaak.

Versekering as deel van risikobestuur

Risiko kan beskryf word as die onsekerheid oor die uitkoms van 'n aksie. Daar is baie risiko's in landbou en veral graanproduksie. Die meeste van hierdie risiko's is bestuurbaar maar gevare soos hael, droogte, ryp, ensovoorts is dikwels nie bestuurbaar nie.

Versekering kan help om ekstreme gebeure te help neutraliseer om volgende jaar nog steeds te kan produseer. Die koste om vir ekstreme skades voorsiening te maak is hoog, want daar moet kapitaal beskikbaar gehou word om rampe te kan oorleef. In die baie wisselvallige produksieomgewing in Suid-Afrika is dit moeilik om hiervoor voorsiening te maak. Daar kan vir kleiner skades self "begroot" word, maar vir groot skades of totale vernietiging kan min produsente voorsiening maak. Diversifikasie na

ander bedrywe en boederyvertakkings kan egter help om 'n groter gedeelte van die skade self te dra. Geografiese diversifikasie kan die risiko ook verlaag, maar dikwels word die akkumulering van katastrofiese gebeure nie hierin verreken nie.

Koste van versekering

Die koste van versekering is 'n funksie van die risiko vir 'n spesifieke gevaar sowel as die versekerde waarde van 'n oes. Indien die versekering "duur" is, moet daar 'n liggie opgaan dat die risiko groot is. As gevolg van die topografie van Suidelike Afrika sowel as die invloed van die warm Indiese Oseaan aan die een kant en die koue Atlantiese Oseaan aan die ander kant, veroorsaak dit maklik groot variasie in die klimaat. Om die werklike waarde van versekering vir 'n produsent te kan bepaal, moet hy/sy eerstens gaan besin oor die risiko. Tweedens moet die kwesbaarheid van sy eie situasie in ag geneem word om te bepaal wat kan die werklike impak wees as hy/sy nie verseker nie. Is dit die moeite werd om 'n toekoms op die spel te plaas en dalk nie volgende seisoen te kan produseer nie?

Die kwesbaarheid vir die 2017/18-seisoen

Die 2016/17-seisoen het gesorg vir baie goeie opbrengste, maar lae pryse. Na 'n paar jaar van droogte moet baie produsente nou begin inhaal om agterstallige skuld te delg en verouderde masjinerie te vervang. Die volle produksiepotensiaal moet nou in tye van goeie klimaatstoestande benut word. Indien onversekerde skades in die volgende jaar of twee gaan voorkom, kan dit veroorsaak dat herstel nie moontlik is nie. Swakker produksietoestande gaan weer voorkom en daar moet nou reeds begin word om voorsiening daarvoor te maak. Lae pryse plaas ook druk om groot opbrengste te moet verkry. Dus is die herstelperiode in die volgende paar jaar van kritieke belang om nie daarop uit te mis nie.

Volhoubare oesversekering

Uit 'n produsent se oogpunt moet oesversekering steeds 'n baie groot deel van sy risikobestuur bly. Die Multirisiko-oesversekeringsprodukt is 'n goeie voorbeeld van waar baie produsente in staat gestel is om te oorleef in 'n klomp droogtejare om weer goeie toestande te benut. Hoewel versekering teen 'n koste kom, is dit egter belangrik om te beseft dat dit die verskil kan maak tussen oorlewing of ondergang. Met lae kommoditeitspryse kan daar vanjaar geredeneer word dat daar nie geld is om te verseker nie, maar dit is juis in só 'n jaar dat hoë opbrengste (teen die huidige lae pryse) moet realiseer om te kan oorleef. 'n Halwe of selfs 'n gemiddelde oes gaan te min wees om insetkoste te verhaal, wat nog van herstel van die laaste paar jaar se droogte en opbou van reserwes vir die toekoms.

Van Greunen-boerdery as Santam Landbou se kuilvoerwenner vir 2017 gekroon

Die van Greunen-boerdery van George in die Suid-Kaap is aangewys as Santam Landbou se kuilvoerwenner vir 2017 by 'n geleentheid wat onlangs in Pretoria gehou is. Die veevoermaatskappy Biomin het Van Greunen-boerdery ingeskryf.

Gerhard Diedericks, hoof: Santam Landbou, sê Santam is 'n voorstander van goeie kuilvoerpraktyke en is die hoofborg van die Kuilvoerwedstyd sedert 2014, toe dit van stapel gestuur is. Die kompetisie is oop vir enige soort kuilvoerbunker-inskrywing, mieliekuilvoer, soetvoersorghumkuilvoer, kleingraankuil (hawermout) en 'n ope kategorie (gras, lusern, ensovoorts). Die kompetisie is 100% wetenskaplik met 'n internasionaal aanvaarbare protokol en streef om 'n wenner aan te wys wat holisties met betrekking tot sy kuilvoer presteer. Dit is ook kommersieel ingestel en het betrekking op boere en die hele bedryf.

Die dierekunde-fakulteite van die Universiteite van Pretoria, die Vrystaat en Stellenbosch doen die proewe, waar nagraadse studente in dierekunde opgelei is om monsters van deelnemers te neem en die eerste rondte evaluering op die perseel van die tersaaklike kuilvoer te doen.

Gerhard sê boere en vervaardigers staar deesdae yslieke uitdagings in die gesig om hul oeste en bates te beskerm.

“Onvoorspelbare weerpatrone, klimaatsverandering en natuurrampe is slegs 'n paar van die sistemiese risiko's waaraan hulle blootgestel word en waarteen hulle hul oeste en bates moet beskerm. Doeltreffende risikobestuur (by wyse van voldoende oes- en bateversekering) is uifers belangrik – en dit is waar ons werklik 'n verskil maak om landbouers en vervaardigers te help om 'n volhoubare toekoms te skep.

“Die belangrikheid daarvan om kuilvoer te produseer het na vore gekom tydens die uitgerekte droogte wat die land die laaste paar jaar ondervind het. Die vervaardiging van kuilvoer is 'n integrale deel van melk-/veeboederye en as jy die gehalte van die kuilvoer verhoog, word die diere gesonder en die gehalte van jou produkte, byvoorbeeld meer melk per koei, beter, ensovoorts.”

Gerhard het verduidelik dat elke deelnemer 'n ontleding ontvang waar individuele uitslae statisties aangetoon en vergelyk word met die standaard afwyking, die gemiddeld van die kompetisie, die minimum en maksimum waardes vir elke parameter, asook persoonlike opmerkings van prof. Robin Meeske, voorsitter van die kompetisie se protokolkomitee.

“Ons is trots op ons verbintenis met hierdie kompetisie en dit is een van die hoogtepunte op ons Landboukalender. Die inskrywings wat vanjaar ontvang is, was van 'n baie hoë gehalte, en dit is veral indrukwekkend aangesien dit verband hou met vervaardiging tydens een van die ergste droogtes wat die land in baie jare beleef het.

“Ek glo die kompetisie sal vir lank nog waarde toevoeg tot al die insethouders in die landbousektor,” het Gerhard afgesluit.

Versekering wat koning kraai op die plaaswerf.

As die leier in korttermynversekering vir byna 100 jaar verstaan Santam die boerderybedryf. Daarom verseker ons alles van jou vee en oeste tot jou persoonlike en boerderybates onder een sambreel. **Santam. Regte, egte versekering.**

Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.



Boere kan gedy as hulle fokus op dit wat hulle kan verander

Jou sakemodel, mededingende voordeel, vlakke van buigsamheid, en kapitale struktuur kan volhoubaarheid skep ongeag die eksterne omgewing.

Hoewel die makro-ekonomiese omgewing waarskynlik op die kort tot medium termyn onseker gaan bly, kan primêre produsente steeds floreer as hulle fokus op dit wat hulle self kan verander.

So het Nico Groenewald, hoof van Agribesigheid vir Standard Bank, onlangs by die tweede tweejaarlikse Sitrusprodusentevereniging (CGA) se kongres gesê.

"Sonder 'n oorsig van die makro-ekonomiese omgewing, is dit moeilik om 'n padkaart vir jou onderneming daar te stel. Maar as jy eers markkonteks het, is die mees volhoubare ding om te doen, om te fokus op daardie aspekte van jou onderneming waarvoor jy direkte beheer het.

"Om aanpasbaarheid in strategie en proses te ontwikkel, is hiervan die mees kritieke aspek, sodat jy voortdurend kan aanpas wat jy doen om die beste voordeel uit eksterne faktore te kry. Grond dan jou sakemodel en kapitaalstruktuur op jou huidige mededingende voordeel in die wete dat jy daardie voordeel kan verander as jy moet."

Groenewald het uitgewys dat die sitrusbedryf een van die landbou-subsektore is wat oor die afgelope ses jaar dubbelsyfergroei getoon het. Dit is 'n weerspieëling van landbou se algemene aanpasbaarheid, met die industrie wat oor die afgelope dekade gegroei het van 'n byna eksklusiewe klem op veldgewasse en lewende hawe tot baie meer belegging van hulpbronne en moeite in tuinbou. "Sitrus se volgehoue groei is ook 'n weerspieëling van skuiwe in die markte, met verbruikers se smake wat toenemend neig na varsprodukte en die hoë gehalte van die Suid-Afrikaanse produk, wat dit internasionaal 'n gewaardeerde uitvoerkommoditeit maak."

Groenewald het 'n aantal onsekerhede genoem wat produsente se toekomsbeplanning kan beïnvloed.

Die potensiële beskermingsbeleide van Amerika se nuwe Republikeinse regering kan 'n globale invloed hê, met die VSA wat 20% van die wêreld se BBP en 12% van sy handel beïnvloed. Die Europese Unie is nou ook in 'n toestand van onvastheid met Brittanje wat die Unie verlaat – en die pond se waarde wat voortdurend onder nooddwang is – en verkiesings hierdie jaar in Frankryk, Holland en Duitsland en in 2018 in Italië. Al hierdie politieke bedrywighede word geraak deurdat steun vir regsgerigte partye en beskermingstrategieë al meer groei.

Wêreldwye fiskale beleide wat daarop gemik word om ekonomiese groei te bewerkstellig, het nog nie die gewenste uitwerking gehad nie. Die globale ekonomie bly traag.

Hier in Suid-Afrika kan die onsekerheid oor landsbeleide proaktiewe agribesigheid se uitbreidings- en verkrygingstrategieë strem. Dit kan ook nuwe beleggings in landbou uitstel, en daarom die toetrede van 'n nuwe generasie produsente beperk. Dit maak opvolgbeplanning moeilik en kan voedselsekerheid op die langtermyn bedreig omdat produsente weens ouderdom die sektor verlaat. "Terwyl ons hoop op vroeë oplossings vir hierdie tipe

kwessies, soos wat Standard & Poor uitwys, word die regering se vermoë om sy fiskale beleide in plek te stel, beperk," sê Groenewald. "Dit sal weer lei tot 'n ander uitdaging vir die bedryf: van 'n verhoogde en voortdurende fokus op 'n oorkoepelende waterbestuurstrategie wat ons as samelewing se watervormorsing drasties moet verminder."

Suid-Afrika is die wêreld se 30ste droogste land. Tog is ons per capita-waterverbruik 26% hoër as die wêreld se gemiddeld. Teen 60% is landbou die land se grootste waterverbruiker.

"Die meeste van ons landbouprodukte, waaronder sitrus, word onder besproeiing verbou," verduidelik Groenewald.

"Ons kan dus nie noodwendig die persentasie water wat die bedryf gebruik verminder nie, maar dit moet water meer doeltreffend gebruik. Die ideaal is om meer kos met minder water te produseer.

"Daarbenewens moet daar 'n nasionale integrasie wees van waterverbruik en beleide sodat sinergieë tussen nywerhede en die res van die samelewing en sy kommersiële bedrywighede tot voordeel van die land aangewend kan word."

Ander uitdagings soos klimaatsverandering, verbruikersvraag vir meer menslike behandeling van lewende hawe, die behoefte om tegnologie en biotegnologie in die waardeketting te integreer, en die ergste droogte in 60 jaar, het ook 'n rol gespeel in die bedryf wat tot dusver verskeie opeenvolgende kwartale van negatiewe groei verduur het.

Landbou bly egter 'n groot bydraer tot die land se ekonomie. Sy bydrae tot die BBP is sowat 2%, maar as die vorentoe en agtertoe skakels, en die vermenigvuldigingseffek in aanmerking geneem word, kan dit meer as 10% wees. Dit is 'n belangrike bron van werkskepping.

In antwoord op die kompleksiteit van die eksterne omgewing, glo Groenewald dat produsente vir vereenvoudiging moet mik.

"Stroop jou besluit tot wat, eerstens, vir die besigheid 'n stabiele operasionele grondslag sal gee. Maak seker dat jy 'n veilige plek het van waar jy verandering kan begin inbring. Dit sluit in dat jy verstaan hoe jy tans jou geld maak, met 'n veilige bron van kapitaal, en struktureer dan die gebruik daarvan in die besigheid op gepaste wyse.

"Tweedens, bou aan jou aanpasbaarheid en veranderlikheid. Kyk vir 'n mededingende voordeel. Het jy 'n beter of ander produk nodig? Moet jy ander markte betree? Weet jy wie jou mededingers is? Hoe beplan jy om mededinging te hanteer? Het jy die regte leierskap in plek? "Met ander woorde, wees vreesloos in jou definiering van wat in jou besigheid moet verander, en wees objektief oor hoeveel daarvan jy kan beheer. Dan, staan vas in jou besluite oor wat gedoen moet word."

/ Ons help jou groei



- Koop nou en betaal jou eerste paaiement na jou eerste oes met enige landboutoerusting wat deur ons gefinansier is.
- Betaal 'n deposito van 10% en geniet buigsame voorwaardes en betalingskeuses vir trekkers en spilpuntsproeiers.
- Aanbod* van Maart tot Mei 2017 geldig.
- Gesels met jou plaaslike Voertuig- en Batefinansieringsverteenwoordiger.

*Om vir hierdie aanbod te kwalifiseer, moet jy aan alle Standard Bank-kredietkriteria voldoen. Bepalings en voorwaardes geld.

Standard Bank Voluit Vorentoe™

RENOSTER

Die toer deur BESIGHEIDSOERWOUD gaan voort...

Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek Besigheidsoerwoud en word hierdie sakelesse oor 15 uitgawes bespreek

Die vierde sakeles wat bespreek word, is hoe om jou sake-onderneming te beskerm teen mededingers en word dit verbind met Renosters. Daar is twee soorte renosters, naamlik die swart- of gebuigde-liprenoster en die wit- of vierkantige-liprenoster. 'n Renoster se sig is swak, maar kan hy baie goed hoor. Die meeste swartrenosters leef in afsondering met die kalfie by die moeder. Witrenosters leef in klein groepies, maar ook soms alleen.

Renosters kan vir 40 tot 50 jaar lewe. Hulle is baie temperamenteel en sal storm as hulle verras word en jy hulle afgebakende gebied betree. Hul is vinnig en verbasend rats en kan tot 50 km/h hardloop.

Die renoster oorleef reeds vir miljoene jare ondanks die deurlopende bedreiging deur jagters en stropers. Kom ons leer by hierdie uitsonderlike territoriale oorleweraar! Het jy ooit gewonder hoekom sommige ondernemings vir geslagte oorleef, terwyl ander slegs twee of drie dekades die mas opkom?

Baie van die ondernemings wat vir eeue oorleef word deur families besit. Die onderliggende rede waarom die gemiddelde leeftyd van sake-ondernemings 20 tot 30 jaar is, is dat daar nie 'n behoorlike plan in plek is om die sake-onderneming volhoubaar te laat groei deur die generasies nie.

Die renoster kon vir so lank oorleef as gevolg van sy vermoë om aan te pas by 'n veranderende omgewing. Dieselfde geld vir ondernemings wat die toets van die tyd deurstaan het – hulle het daarin geslaag om aan te pas by 'n veranderende wêreld asook sakelandskap. Die spoed van verandering is eksponensieel en aanpasbaarheid is noodsaaklik om te oorleef en te floreer.

Die renoster is bekend vir sy uitsonderlike territoriale gedrag en kenners reken dat hierdie dier humeurig raak indien sy gebied versteur word. Verstaan jy jou sake-omgewing en beskik jy oor 'n strategie om die aanslae van mededingers in jou markspasie die hoof te bied? Maak seker dat jy nie verhoogde markmededinging ignoreer wat jou markspasie kan bedreig nie en wees gereed om jou onderneming daarteen te beskerm.

In hul pogings om vinnig geld te maak, het mense renosters gejag vir hul winsgewende horings en sodoende die grootste deel van die renosterbevolking uitgeroei. Die renoster se horings blyk baie meer waardevol te wees as die res van hierdie massiewe dier se liggaam.

Besef jy watter deel van jou onderneming die teiken van jou mededingers is? Ken jy jou onderskeie kontantstrome, asook die mees winsgewende deel van jou onderneming? Vind uit wat jou mees winsgewende kontantstrome is en beskerm so jou markdeel, net soos die renoster sy gebied beskerm.

Om jou natuurlike vyande te ken en om 'n sakestrategie dienooreenkomstig te ontwikkel, is krities vir enige onderneming. In vandag se ewig-veranderende landskap in die globale ekonomie, is 'n grondige kennis van jou onnatuurlike vyande, of sogenaamde mededinging vanaf buite jou bedryf, ook van groot belang. Jy kan dus nie net fokus op tradisionele mededingers nie maar moet ook waak teen nie-tradisionele mededingers.

Hulle mag nader beweeg met 'wapens' wat jy nie ken nie, baie soos 'n enkellopende persoon wat nie veel van 'n bedreiging vir 'n renoster mag inhou nie, maar wat met 'n wapen so kragtige dier met die grootste gemak kan doodskiet indien hy/sy 'n wapen het.

'n Voorbeeld van mededinging, wat op 'n bepaalde tydstip onwaarskynlik of onnatuurlike voorgekom het, is die uitwerking van die Internet op video- of DVD verhuringsmaatskappye. Die negatiewe uitwerking hiervan op die tradisionele sakelandskap is reeds waarneembaar met mense wat toenemend fliëks van die Internet aflaai.

Sodra die oomblik aanbreek wat die koste verbonde aan die aflaai van fliëks vanaf die Internet laer word as om by 'n video-winkel te huur, sal die vraag na laasgenoemde drasties begin daal. Mense koppel reeds hul rekenaars met hul televisieskerm, of gebruik bloot Wi-Fi, en sal op dié wyse gaandeweg ophou om DVD fliëks te huur of te koop.

Die les vir sakelui is om voorbereid te wees om hul markgebied te beskerm, maar ook buigsam genoeg te wees om hul markgebied te verander soos wat markkragte saketoestande verander.





JOU
SUKSES



ONS
WENKOMBINASIE

**SAAM
BOER ONS VIR
DIE TOEKOMS**

Die besproeiing koringkultivars, PAN 3400, PAN 3471 en PAN 3497, behaal groot sukses in die kommersiële aanplantings en beskik oor goeie siekteverdraagsaamheid en graderingseienskappe. Die perfekte keuse vir die besproeiingsboer.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za



PANNAR®



© Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK
2017/WHEAT/A/15



Hoe sien die

minimumloon

vir landbou daar uit?



Die lang verwagte minimumloon vir SA is deur adj. pres. Cyril Ramaphosa bekend gemaak.

Dit volg ná twee jaar van onderhandelinge wat op verskeie vlakke plaasgevind het, het Ramaphosa gesê. "Dit bring sekerheid vir die landbou oor die vergoedingsvlakke wat in die volgende jaar betaalbaar sal wees," sê mnr. Neil Hamman, voorsitter van Agri SA se beleidskomitee oor arbeid, in 'n nuusverklaring.

Die aankondiging oor 'n nasionale minimumloon wat op 1 Mei 2018 in werking tree, is gegrond op 'n uurlikse tarief van R20. Die landbousektor sal vir eers 90% van dié loon moet betaal. Dit kom daarop neer dat die landbou R18 per uur moet betaal. Die 2018-implementeringsdatum is nou 'n jaar vroeër as wat aanvanklik aangekondig is.

Van Maart 2017 af

Die landbou sal reeds vanaf Maart vanjaar R15,39 per uur betaal. Dit is na aanleiding van 'n verhoging wat deur die Minister van Arbeid aan die minimumloon vir die landbou aangebring is, wat die minimumloonlyk vir die landbou reeds met 8% verhoog het. Dit bring die landbou reeds nader aan die loon wat pas aangekondig is, sê Hamman.

"Agri SA ag die arbeidsmag in die landbousektor van onskatbare waarde. Die sektor word tans nog in baie dele van die land deur die droogte geraak en verskeie boere moet nog herstel van die impak daarvan. Die sektor herstel ook nog van die groot verhoging in vergoedingsvlakke wat in 2013 ingestel is," sê Hamman.

Doen aansoek om verligting

"Boere wat steeds nie in 'n posisie gaan wees om die verhoging te bekostig nie, kan aansoek doen om Artikel 50-variasie," sê hy.

Voor die inwerkingtreding van die nasionale minimumloon in 2018 sal boere kan aansoek doen vir dié variasie. Die variasie kan slegs toegestaan word vir 'n jaar-tydperk. Dit kan help met tydelike verligting.

Hieronder is die loonstrukture van toepassing op die landbou vanaf 2016 tot 2020, soos wat Agri SA dit bereken het.

Minimumloon-tydperk	Maandeliks	Weekliks	Daagliks	Per uur
1 Maart 2016 tot 28 Februarie 2017	R2778,83	R641,32	R128,26 *	R14,25
1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018	R3001,13	R692,62	R138,52 *	R15,39
1 Mei 2018 tot 30 April 2019	-	-	-	R18,00
1 Mei 2019 tot 30 April 2020	-	-	-	R20,00

* Van toepassing op 'n werker wat 9 ure per dag werk.

Emerald

GOLD PREMIUM & PUPPY

Scientifically
formulated.
Recommended by
Vets & Breeders

Emerald Gold is rich in rice and chicken.

INGREDIENTS INCLUDE

BIO-MOS - Helps to promote gut health.

NATUREOX - A natural anti-oxidant reducing the risk of cancer.

SPIRULINA - is a natural supplement that is rich in essential vitamins and minerals

GLUCOSAMINE & CHONDROITIN

Strengthens cartilage and improves joint flexibility

DIATOMS - An organic solution for intestinal health.



V20052



V23631




Nature's recipe to keep your dog healthy and in peak condition.

eMail | info@emeraldgold.co.za | www.emeraldgold.co.za



VKB se sukses is alles God se genade

Die Pad Saam gesels met: Francois Sieberhagen



Wie is Francois Sieberhagen

Francois Sieberhagen, mensehulpbronbestuurder van VKB is 'n boorling van George in die Suid-Kaap waar hy aan die Hoërskool Outeniqua gematrikuleer het.

Hy vertel dat hy tydens die 1997/1998 Cravenweek gekies is om vir 'n jaar rugby te speel vir Warwickshire College in Engeland.

"Tydens dié jaar was ek ook verkies tot Engeland se o.19 Kolleges-span en het later in die jaar vir die Britse o.19 Kolleges-span gespeel. Hierdie span is gekies uit spelers uit Engeland, Wallis, Ierland en Skotland.

"Ek het toe besluit om terug te kom Suid-Afrika toe en het in 1999 begin studeer op die PUK. In my my eerste twee jaar het ek vir die PUK rugby gespeel waarna ek 'n baie groot kniebesering opgedoen het en die akademiese boeke aansienlik ersntiger begin opneem het. "

Hy behaal sy graad in Biokinetika, met sielkundige en menslike hulpbronne as hoofvakke. Die jaar daarna verwerf hy sy HOD (Hoër Onderwys Diploma) en skryf toe in vir sy honneursgraad in Menslike Hulpbronne bestuur en Opvoedkundige Sielkunde en daarna 'n meestersgraad in Bedryfsielkunde.

"Ek was ses jaar op die PUK en het my finale meestersjaar

voltooi tydens my eerste jaar van werk by Route Holdings in die SA Truck Bodies/Henred Fruehauf-groep."

Gesinslewe

"Ek is 'n baie groot familieman en probeer my vrou en kinders altyd eerste plaas. Ek is in April vanjaar 10 wonderlike jare getroud met Adel. Sy is 'n kliniese sielkundige en praktiseer in Bethlehem. Ons het twee kinders, Lize (7) en Francois Jnr (3)," vertel Francois.

Visie vir VKB

Gevra oor sy vooruitsigte vir VKB en hoekom hy VKB as werkgewer gekies het, sê Francois hy het die volgende brief geskryf oor sy ervaring van die maatskappy "aangesien hy onlangs hier begin werk het".

"Die gras aan VKB se kant van die draad is verseker groener

"Die brief word geskryf uit my persoonlike perspektief, as werknemer wat onlangs aangesluit het by die VKB Groep. In die laaste paar maande by VKB het my oë waarlik oopgegaan en waardeer ek selfs die kleinste aspek van die lewe nou selfs meer. In hierdie brief verwys ek na VKB as almal betrokke by VKB, dus ons direksie, al ons werknemers, kliënte en lede.

Die woord 'gras' verwys weer na al VKB se verskillende bedryfspunte en 'grond' verwys na VKB se demografiese grondgebied.

“Het die persoon, buite VKB se netwerke, al die vraag gevra hoekom die gras aan VKB se kant van die draad groener is? Die antwoord is dalk baie anders as wat hulle (of selfs ek byna 'n jaar terug) gedink het.

“VKB as tuinier is dankbaar vir die stukkie grond wat aan hom uitgemeet is. Die VKB Groep het dus die keuse geneem om sy stukkie grond te bewerk na die beste van sy vermoë. Al is dit nie 'n groot stuk grond nie, dis VKB s'n en elke direkteur, werknemer, kliënt en lid het 'n verantwoordelikheid teenoor dit. Dit verg baie harde werk, dit kos bloedsweet, VKB moet dag en nag daaraan werk, want as hy sy oë uitvee, kom daar onkruid in of gaan diel gras dood. Maar die harde werk hou almal uit die kwaad.

“VKB kyk nie na ander se grondgebied in afguns nie – VKB konsentreer op sy eie grond, en wil 'n sukses maak van sy eie grond, want dit leer almal selfwaarde. As bestuur vind dat die mense onder hulle op hul eie mishopies sit en koning kraai, vat VKB sommer daardie mis en werk dit in die gras in – dit help vir almal om weer met hul voete lekker stewig op die aarde te staan, en maak so VKB se grond behoorlik vrugbaar.

“Die VKB Groep kyk boontoe vir Lewende Water om sy gras te voed. VKB loop elke dag met trots op sy gras rond en dank die Skepper van die aarde dat sy gras so mooi groei en dat Hy hom help daarmee.

“VKB begin en eindig elke dag op sy knieë in dankbaarheid oor die reën wat ons Hemelse Vader die afgelope paar maande op sy grond laat val het. VKB is trots op elke worteltjie en blaartjie van sy tuin en weet dat dit net genade is en dat hy nie al die genade verdien nie. VKB is nie skaam om sy sukses met ander te deel en vir hulle van raad te bedien om hulle gras ook so mooi te maak nie. VKB wil graag hê dat hulle ook moet voel dat die porsie wat aan hulle uitgemeet is, ook goed genoeg is, al gaan dit nie aldag so maklik nie.

“By VKB seëvier lojaliteit, eenheid, en respek – respek vir mekaar, vir jou medemens en jou omgewing.

“As die lewenstorme om VKB woed en sy grond verniel, staan VKB op en begin dit dadelik weer bewerk. Snaaks genoeg, elke keer as VKB opstaan en stukkie vir stukkie sy grond weer begin bewerk, is VKB sterker as ooit tevore! Dan weet hy, ons het lesse geleer en doen hy dinge nou beter en meer effektief.

“As daar klippe op VKB se gras val, struikel hy soms daaroor, maar sodra hy opgestaan het, neem hy dit en bou 'n sterk huis daarmee, 'n huis op die rots (Matteus 7:24). Dit help mos nie hy los dit daar om hom heelyd te herinner aan hoe hard hy gestruikel het nie, maar dit help wel om na sy mooi, sterk huis te kyk en te weet dat hy die struikelblokke in sy pad kon gebruik om iets positiefs tot stand te bring!

“VKB is verseker nie skaam om te bely dat dit nie sy eie toedoen is dat sy gras so mooi is nie (Filipense 4:13), maar dat VKB eintlik in diens staan van 'n Skepper wat hom help en vir hom raad gee oor sy grond en gras. Hy het die meeste kennis en waar VKB sukkel, is Hy nooit te ver of te besig om VKB te help nie.

“Ons kyk na ons land en ons kele trek toe oor wat alles aangaan – die korrupsie, die geweld, die ekonomie. Ons fokus so op al die slegte dinge en die dorre gras, dat ons in ons harte glo dat ons land en samelewing op 'n tragedie afstuur. Ons kyk na ander maatskappye waar alles kamstig so 'glad' verloop en alles so wonderlik is, en ons wil net soontoe vlug. Waarom weet niemand. Ek dink persoonlik dis waar ons gesonde persepsie inkom. Ons sien werklik 'n volmaakte prentjie omdat ons dit sien soos ons dit wil sien, maar sien 'daardie' mense dieselfde prentjie? Kyk hulle nie dalk na ons by VKB, en sien by óns weer 'n volmaakte prentjie nie? Ek glo so!!!

“Ek glo in my hart dat ons land 'n mooi toekoms het, dat daar baie positiewe dinge gebeur. En ek dank God elke dag vir die maatskappy waarin ek my elke dag kan uitleef, dat ek dit regkry om vanuit my groen gras rondom my te kan kyk en te besef dat op my gras is God steeds in beheer.

“Ek leer dit vir my kinders sodat hulle ook hul toekoms met hierdie wete kan ingaan en wéét dat hulle gras ook baie groen en vrugbaar sal wees en dat hulle ook 'n verskil in hierdie land sal mag en kan maak.

“Mag almal by VKB se gras goen en vrugbaar wees en mag die mense rondom ons julle wonderlike, positiewe houding raaksien en dit hul eie maak!

“By VKB is die weivelde lowergroen, want hier is God in beheer.”

Gunstelingvakansieplek

Vir hul bosvakansies verkies die gesin die Krugerwildtuin – “meer spesifiek Onder-Sabie”, sê Francois. Maar vir hul seevakansies wyk hulle uit Suid-Kaap toe om in Wildernis en Knysna te gaan uitrus.

Vorige werkplek

Francois was vir 10 jaar deel van die Raubex Groep waar hy in Bloemfontein gesetel was.

Gunstelingboek

Ek is nie 'n baie groot leser nie, maar my gunstelingboek bly die Bybel. Ek geniet dit ook baie om die Weg- of selfs die Wegsleep-tydskrif deur te lees.

Gunstelingkos

“Adel se oxtail-resep (Sy gee hom nie uit nie, julle sal maar self moet kom proe ☺)

Gunsteling-tydverdryf

Tyd saam met my familie, braai en bergfietsry

Gunstelingdrankie

Koffie☺

'n Koue bier langs die braaivleisvuur

Glasië droë rooiwijn saam met ete

Gunstelingkleur en hoekom?

Blou en wit, veral as die twee saam is met fyn strepe ☺ (Ek is 'n groot WP-man!)

Bergfietsry is 'n gunsteling-tydverdryf.



Wat presies beteken

lewensreg

en watter regte gee dit jou?



Vraag:

Ek wil graag weet wat is lewensreg op 'n eiendom: Geld dit net vir die huis wat bewoon word deur die vorige eienaar of is dit op die hele erf? Daar word nie uiteengesit in die titelakte wat deel van die verblyfreg is nie; net die erfnommer word genoem.

Dalk kan ek die situasie duideliker stel. My broer het die eiendom by my moeder gekoop en sy het vruggebruik op die eiendom.

My vrae is:

Wie is verantwoordelik vir die onderhoud van die aparte oumawoonstel waarin sy woon en die onderhoud op die erf?

Moes my broer toestemming by my moeder gekry het voordat hy nog 'n woonhuis bou op die erf?

Is sy geregtig op 'n deel van die huur van die eiendom wat hy gebou het en wat uitverhuur word?

Antwoord:

'n Lewensreg op 'n eiendom, soos u dit hier stel, behoort baie duidelik omskryf te word sodat onderskei kan word tussen 'n vruggebruik of 'n woonreg (*habitatio*). 'n Woonreg is die reg wat verleen word aan iemand om 'n eiendom te bewoon, saam met sy gesinslede en sy huisbediendes. Dit gee ook aan die begunstigde die reg om die huis, of enige gedeelte daarvan, te verhuur. Dit verleen egter nie die reg om dit gratis vir bewoning aan 'n vreemdeling beskikbaar te stel nie. Die reg eindig met die dood van die begunstigde, maar dit eindig nie

wanneer die verlener van die reg te sterwe kom nie.

Dis belangrik om te beseef dat 'n woonreg slegs betrekking het op die reg om 'n eiendom/huis te bewoon.

'n Vruggebruik het betrekking op die gebruik van die hele eiendom en om die "vrugte daarvan te geniet". Dit geld meestal by plase waar 'n vruggebruik dikwels aan 'n langsliewende eggenoot verleen word, byvoorbeeld om met 'n boerdery op die hele plaas voort te gaan, of dit te verhuur aan 'n huurder.

U beskrywing van "'n lewensreg op 'n eiendom", soos uit voorgaande blyk, is baie vaag en 'n mens moet amper raai wat daarmee bedoel word. Die moontlike betekenis daarvan, soos u dit hierbo uiteensit, dui daarop dat waarskynlik daarmee 'n bewoningsreg of *habitatio* bedoel word. Soos gemeld, moet hierdie konsepte duidelik en op hul name genoem word om alle twyfel uit die weg te ruim.

Die vruggebruik is regtens oor die hele eiendom, die erf ingesluit. Die vruggebruikster is aanspreeklik vir die onderhoud op die hele eiendom waarvoor sy 'n vruggebruik het, asook vir betaling van belastinge en dienste.

U broer moes toestemming by die vruggebruikster verkry het vir die oprigting van nog 'n woonhuis, want die stuk grond waarop die woonhuis geleë is, is ook onderhewig aan die vruggebruikster se vruggebruik. Sy het dus beheer daarvoor. Sy het dus ook nou beheer oor die woonhuis wat hy opgerig het.

Sy is geregtig op al die huur van die eiendom wat hy uitverhuur, want die hele eiendom/erf is onderhewig

Nie almal het ewe veel duidelikheid oor presies wat lewensreg beteken nie. In 'n paar artikels op www.landbou.com beantwoord Butch van Blerk, 'n direkteur van Bill Tolken Hendrikse ingelyf in Belville, Kaapstad, hierdie vraag aan die hand van vrae wat lesers aan hom stuur. Ons haal die vrae en antwoorde vervolgens aan:



aan haar vruggebruik en sy is geregtig op al die vrugte wat die eiendom trek. Sy mag wel haar vruggebruik, of 'n gedeelte daarvan, aan 'n ander verhuur. Net so mag sy die gedeelte van die eiendom waarop u broer die woonhuis opgerig het, aan hom verhuur en huurgeld van hom daarvoor vorder.

Vraag:

Agtergrond: Pa oorlede. Een broer erf 'n kleinhoewe waarvoor die testament bepaal dat die tweede broer (Erfgenaam 2) "lewensreg sal hê vir solank my seun (Erfgenaam 1) die eienaar van die eiendom (kleinhoewe) sal wees". Erfgenaam 2 erf 'n eiendom in die dorp. 'n Addendum tot die testament bepaal verder: "Dit is my uitdruklike wens dat die twee vaste eiendomme wat aan my twee seuns nagelaat/bemaak word, nie verkoop mag word sonder beide seuns se ooreenstemming, oorleg en goedkeuring nie. En dat die kapitale opbrengs met die verkoop van die eiendom tussen die twee seuns verdeel sal word. Dit is my wens dat my seun (Erfgenaam 2) lewensreg sal hê op die eiendom (kleinhoewe) en aldaar inwonend sal wees solank my seun (Erfgenaam 1) die eienaar van die eiendom sal wees."

Die prokureur wat hierdie saak namens die twee erfgename behartig, het 'n brief met die volgende aan die "Directorate Land Use and Soil Management" gestuur: "Application for consent to register a servitude of lifelong right of residence over the ground floor of the main house servitude area in extent in favour of one brother while the other brother inherits the property. Motivation for application is to finalize estate of their late father. Please note that the Personal Servitude will

automatically lapse and fall away upon the death of the Servitude Holder."

Met registrasie van die servituut het ek egter die volgende vrae:

1. Ná Erfgenaam 1 (ek) se afsterwe, wat sal Erfgenaam 2 (servituuteienaar) se regte wees?
2. Sal die langsliewende (my vrou – nuwe eienaar indien ek tot sterwe kom) Erfgenaam 2 se toestemming nodig hê om die eiendom te verkoop en moet daar dan ook winsdeling plaasvind as sy die nuwe eienaar is?
3. Sal Erfgenaam 2 se servituutreg nog van krag wees indien Erfgenaam 1 (ek) te sterwe kom en my vrou erf die eiendom (die testament sê "solank as wat my seun, Erfgenaam 1, die eienaar is")
4. Kan Erfgenaam 2 die servituutreg aan iemand bemaak in sy testament?
5. Indien Erfgenaam 1 (ek) te sterwe kom en sy vrou besluit om die eiendom te verkoop, is die servituutreg nog steeds van krag en hoe gaan dit die verkoop/nuwe eienaars beïnvloed?

Antwoord:

As die kleinhoewe nie verkoop word nie en die opbrengs nie verdeel word nie, geld die tweede broer se "lewensreg" vir solank hy leef.

Erfgenaam 2 se toestemming sal wel benodig word vir die verkoop van die kleinhoewe en die opbrengs moet verdeel word.

'n "Lewensreg" is wat dit sê en dit is van krag en geld vir die lewensduur van Erfgenaam 2.

'n "Lewensreg" is 'n persoonlike reg/serwituut en kleef aan daardie persoon se identiteit en kan nie bemaak word nie.

Die lewensreg bly van krag en die eiendom kan nie verkoop word sonder die tweede erfgenaam se toestemming nie.

Vraag:

As 'n moeder haar plaas vir Kind 1 los maar graag vir Kinders 2, 3, 4 en 5 wil woning-lewensreg gee op die twee huise, moet die Kinders 2, 3, 4 en 5 enige belasting betaal? Het Kind 1 die reg om verniet daar in die huis te woon? Kan Kinders 2, 3, 4 en 5 die twee huise uitverhuur?

Antwoord:

As ons eers na die konsepte van lewensreg en woonreg ten opsigte van 'n woonhuis op 'n plaas kyk, is daar 'n paar regsbeginsels wat ons in gedagte moet hou. Die beginsel wat gewoonlik van toepassing is op 'n plaas, is 'n vruggebruik ten gunste van iemand wat nie die eienaar van die plaas is nie. Dikwels bemaak 'n man sy plaas aan sy seun, en dra dit op die naam van sy seun oor, maar doen dit onderhewig daaraan dat sy langsliewende vrou 'n vruggebruik vir die res van haar lewe oor die plaas sal geniet. Sy is dan geregtig daarop om die boerdery tot haar dood te bedryf.

Haar vruggebruik is egter oor die hele plaas en nie slegs ten opsigte van 'n woonhuis soos woonregte en gebruiksregte wat normaalweg oor 'n huis wat in 'n dorp geleë is, aan iemand verleen word nie.

Vir 'n woonreg ten opsigte van 'n huis op 'n plaas om geldig te wees, moet 'n landmeter 'n kaart van die huis opstel wat dan in die Registrasie van Akteskantoor geregistreer moet word om geldig te wees. Dit kan nie gedoen word nie, want dit sou ingevolge die Wet op Onderverdeling van Langbougrond op 'n onwettige onderverdeling neerkom en dus kan so 'n woonreg oor die huis nie in die Aktekantoor geregistreer word nie.

Indien iemand 'n vruggebruik oor die hele plaas geniet (baie keer 'n ma), kan sy huurgeld van die seun vorder om in die huis te woon. 'n Houer van 'n vruggebruik oor 'n plaas, kan ook die hele plaas aan 'n huurder verhuur.



EPOL se spesifiek-geformuleerde voere vir melkbeeste bied 'n kostedoeltreffende oplossing vir die unieke voedingsbehoefte van lakterende diere sodat optimale melkproduksie keer op keer behaal word.

EPOL verseker 'n ekonomiese voerkoste per liter melk geproduseer. Dit is baie belangriker as koste per ton voer.



EPOL SUIWEL

Kalf produkte: Calf starter (V403); Calf Grower (V1500).
Verse: Megacalf (V20282).
(Wet 36 van 1947).

LAND VAN MELK EN HEUNING

Die hoë voerkoste noodsaak dat ons moet seker maak dat die voedingstowwe in die ruvoer ten volle benut word. Met EPOL se kundige ondersteuningsdienste en voedingsoplossings is dit moontlik. Dankie Epol! — Ron Jordaan, Irene, Gauteng



Vir meer inligting oor spesifieke voere en dienste, kontak:
RCL FOODS: www.rcloffoods.com
EPOL: +27(0)31 242-8600 | www.epol.co.za
MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za

SUKSES IS IN DIE SAK

beproefde genetika

Beskikbaar:

Winterkoring: SST 3149, SST 387, SST 347, SST 317, SST 316, SST 356 en SST 374.

Besproeiing: SST 843, SST 884, SST 895, SST 875, SST 835, SST 806, SST 866 en SST 867. Nuut - SST 8135.

Durum kultivars: SSD 8154 en SSD 8133 is beskikbaar.

SSR rog - en SSH hawerkultivars
vir weiding, baal en graan

SSS sojaboonkultivars: SSS 6560, SSS 5052 en SSS 5449 voortreflike genetika vir jou Boerdery!

Staatmaker
SST
koringkultivars

Kry die nuutste
2017 Kultivargids
vir meer inligting



senseed

Verskaffer van 'n wye reeks saad van **uitgesoekte maatskappye**

Kontak: Bethlehem 058 303 4690 | Reitz 087 358 8111
VKB Beleggings (Edms.) Bpk. is 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverkaffer FDV 4813


   vir die LIEFDE van die LAND | www.vkb.co.za



SENSAKO



lid van die
vkb
GROEP/GROEP
member of the



deur Dr. Philip Theunissen

Die Minister van Finansies, Pravin Gordhan, het in sy begrotingsrede van 2016/17 aangekondig dat hy beoog om die belastingreëls rondom rentevrye lenings aan trusts te verander.

Hy was nie baie spesifiek oor die veranderinge nie, totdat die voorlopige Wetsontwerp op Belastingwette in Julie 2016 gepubliseer is. Dit het meer duidelikheid gegee en bring mee dat die impak van die veranderinge, wat op 1 Maart 2017 in werking getree het, beduidend gaan wees. 'n Nuwe artikel (7C) sal in die Inkomstebelastingwet ingesluit word. Dié artikel sal van toepassing wees wanneer 'n natuurlike persoon of verbonde maatskappy 'n lening aan 'n verbonde trust maak. Indien die rentekoers wat op die lening gehêf word laer is as die repokoers plus 1% (tans

8%), sal die verskil in rente 'n geagte inkomste in die hande van die uitlener wees. Die toegewing om jaarliks R100 000 van 'n lening terug te skenk aan die trust, gaan ook verval. In die toekoms sal enige skenking van 'n verbonde lening onderworpe aan skenkingsbelasting wees, sonder enige vrystelling.

Die bekendmaking van die beoogde veranderinge aan die Inkomstebelastingwet is met groot ontsteltenis in die media begroet. Daar word aangevoer dat Tesourie in die toekoms veel meer uit trustbelastinge wil verdien en dat dit ook beoog om belastingbetalers se vermoë om welvaart belastingvry na trusts oor te dra, wil beperk. Die indruk word geskep dat trusts met hierdie wysigings hul aantreklikheid as boedelbeplanningsinstrument verloor het en na dese nie meer as deel van 'n boerderystruktuur aangemoedig behoort te word nie.

Na aanleiding van die *Davis Tax Comitee* (DTC) se ondersoek na Suid-Afrika se belastingwetgewing, was dit te wagte dat die voorgestelde wysigings duidelikheid sou bring rakende Tesourie se implementering van die kommissie se voorstelle. In sy eerste verslag het die DTC hom veral uitgespreek oor hoe die merkbare misbruik van die trustvorm vir belastingdoeleindes aangespreek moet word, veral met verwysing na die geleibuisbeginsel, in terme waarvan inkomste ontvang in 'n trust mag "deurvloei" om eerder in die hande van die trustbegunstigdes belas te word. Dit was dus algemeen te wagte dat hierdie beginsel saam met die voorgestelde wysigings beëindig sou word, maar dit is helaas toe nie gedoen nie.

Daar moet egter net eers deeglik kennis geneem word dat bogenoemde nog net voorgestelde wysigings is en tans oop is vir publieke kommentaar. Afhangende van die bywerking van die kommentaar sal dit effektief eers vanaf 1 Maart 2017 in werking gestel word.

Praktyk

Dit is 'n algemene boedelbeplanningspraktyk om 'n individu, veral boere, se bates deur middel van 'n rentevrye leningsrekening aan 'n familietrust te verkoop om te verseker dat die waardegroei van die bate, en dus die boedel, in die toekoms in die trust akkumuleer, terwyl die waarde van die individu se boedel dieselfde bly. Juis omdat dit so 'n effektiewe boedelbeplanningsinstrument is, doen Tesourie alles in sy vermoë om mense van trusts af te skrik. Individue sal waarskynlik nou twee keer moet dink voordat hulle hul boedelbeplanning aanpak en dit kan die indruk skep dat dit die einde van trusts se rol daarin is. Gegewe die dubbele belasting by dood, naamlik boedel- én kapitaalwinsbelasting, kry Tesourie telkens sy deel van die familiewelvaart wanneer dit by erfopvolging van eienaarskap verwissel. Aangesien hy nie hiervan gaan afsien nie, bly 'n trust egter steeds 'n goeie boedelbeplanningsinstrument, ten spyte van die beoogde wetswysiging.

Die (inter vivos) trust is 'n entiteit wat 'n individu, in terme van welvaartskepping, sal uitoorlê, uitstof én oorleef. Dit kan nie tot 'n einde kom nie, behalwe as die trusteees so besluit. Gevolglik kan dit bates oor generasies heen behou én uitbrei terwyl dit welvaart akkumuleer en dit kan telkens, binne die trust, hierdie welvaart kosteloos en belastingvry van een geslag na 'n ander oordra. Die trust is 'n regs persoon op sy eie en besit die bates afsonderlik van die persoonlike boedel van die skenker/verkoper nadat die aanvanklike oordrag gedoen is en hierdie bates vorm dus nie meer deel van die individu se boedel by dié se afsterwe nie. Net die uitstaande lening wat ná die oordrag deur die trust verskuldig is, vorm deel van die individu se persoonlike boedel en dis hierdie lenings wat nou deur die wetswysiging onder skoot kom.

Die gebruik van 'n goedgestruktureerde en goedbestuurde trust verskaf 'n platform vir 'n geldige onderskeid tussen persoonlike bates en dié van die trust. Binne so 'n struktuur besit die oprigter/skenker/verkoper nie meer die bates nie en die trusteees het gesamentlike beheer daaroor. Hierdie wetlike onderskeid tussen die besit van die bates en die beheer van die bates bied steeds ruim geleentheid om welvaart ten behoeve van die begunstigdes te akkumuleer én te beskerm, ongeag die beoogde rente op die leningsrekenings, terwyl dit ook boedel- en kapitaalwinsbelasting vir daaropvolgende geslagte uitskakel.

Saam met bogenoemde is dit uiters belangrik dat 'n trust vir die regte redes opgerig word en daarna noukeurig bestuur moet word.

Vir 'n begin is 'n trust 'n wetlike verhouding wat tot stand kom deurdat die oprigter bates onder beheer van die trusteees plaas wat tot die voordeel van die begunstigdes bestuur moet word. Hier is dus duidelik drie onderskeibare partye betrokke naamlik die oprigter, trusteees en begunstigdes. By baie familietrusts wil die betrokkenes dikwels sommer al drie hierdie posisies gelyktydig beklee. Sulke optrede is egter voldoende gronde om die geldigheid van die trust tot niet te maak. Die gevolg is dat die trustbates hul beskerming sal verloor en geag sal word die bates van die oprigter, skenker of verkoper te wees.

Geleibuis

Die geleibuisbeginsel bring mee dat inkomste wat deur 'n trust verdien word op 'n unieke manier bloot deur die trust na die begunstigdes kan vloei, maar steeds sy aard in die hande van die begunstigdes behou. Indien die trust byvoorbeeld rente ontvang en dié rente aan 'n begunstigde uitkeer, word die trust nie op die rente belas nie terwyl die rente in die begunstigde se hande steeds as rente ontvang beskou, met die gepaardgaande

rentevrystelling vir elke afsonderlike begunstigde. Hierdie beginsel geld ook vir ander tipes inkomste, selfs ook kapitaalwins.

In sy eerste verslag was die DTC van mening dat die geleibuis afgeskaf behoort te word. Die Minister van Finansies het dan ook vantevore aangedui dat hy sulke intensies het. Tydens 'n onlangse webinaar (Desember 2015) het regter Dennis Davis egter die volgende oor die geleibuis te sê gehad: "Trusts were not dealt with correctly in the first report and the conduit principle will probably remain in respect of distributions from local trusts made in the year of assessment."

Die regter se onthulling is inderdaad baie goeie nuus vir trusts. 'n Trust se belasbare inkomste word deurgaans teen 41% belas terwyl 'n individu verskeie vrystellings en uitsluitings geniet en op 'n glyskaal van 0% tot 41% belas word. Die geleibuis, wat volgens alle aanduidings dan nie meer afgeskaf gaan word nie, bied aan die trusteees die opsie om, sonder enige tegniese joernaalinskrywings, te besluit waar die trust se inkomste belas moet word, naamlik daar waar die koers en toegewings die gunstigste is.

Rente

Die uitwerking van die beoogde wysigings rakende die rentevrye lenings is nie verdoemend nie en kan tot 'n redelike mate binne die trust aangespreek word. As die trusteees besluit om rente teen die voorgeskrewe koers (tans 8%) te betaal en die trust het 'n belasbare inkomste, kan geredeneer word dat die lening vir die voortbrenging van inkomste aangewend was en sal die rente in die trust aftrekbaar vir belasting wees. Hierdie benadering is dan soortgelyk aan dit wat reeds tussen maatskappye en gebonde persone gevolg moet word.

Indien die trust nie self inkomste genereer nie, moet daar gepoog word om die lening afgelos te kry. As die lening nie afgelos kan word nie, sal die voorland dan wees om die skenkingsbelasting ingevolge die nuwe wetswysiging te betaal.

Die pad vorentoe

Die beoogde wetswysiging rondom die belasbaarheid van rentevrye lenings in 'n trust noodsaak uiteraard nuwe oorwegings by die oprigting daarvan maar dit voorspel beslis nie die einde van trusts nie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat trusts steeds 'n hele aantal funksies binne 'n boerderystruktuur kan vervul, ten spyte van die nadele wat die beoogde wysigings mag meebring. Die grootste voordeel van 'n trust bly die beskerming wat dit ten opsigte van bates verleen. Nie alleen beskerm dit die bates teen krediteure nie, maar ook teen familieleden wat onwillig of onbevoeg is om die bates verantwoordelik te bestuur. Verder bly 'n trust voortbestaan ná die dood van enige betrokke, spesifiek dié van die oprigter, en word die familie se welvaart dus nie by erfopvolging deur welvaartbelasting aangetas nie. 'n Trust behoort gevolglik nooit opgerig te word met die uitsluitlike doel om inkomstebelasting te bespaar nie en dit is dus kortsigtig om die voordele van 'n trust net aan die impak van die beoogde wetswysiging te beoordeel.



Berigte en artikels van die volgende persone is geraadpleeg: T. Roos en Kie., Walter Geach, Phia van der Spuy, Hugo van Zyl, Gert van den Berg, Stephan, Strydom, Michael Dryden en Madeleine Schubert

Is **agriparke** die antwoord op die ontwikkeling van kleinboere?



Kundiges van Agri SA, Annelize Crosby, Agri SA se regsadviseur, dr. Jack Armour, bedryfsbestuurder van Vrystaat Landbou, en Theo Boshoff, Agri SA se regsbeambte, het 'n dokument opgestel waarin hulle die regering se konsep van agriparke ontleed en ondersoek.

In die dokument sê hulle hoewel die doelwitte van agriparke prysenswaardig is, sal sekere aspekte daarvan weer in oënskou geneem moet word om dit te laat slaag.

Suid-Afrika het een van die gevorderdste, internasionaal mededingendste netwerke van landbou-waardekettings op die vasteland. Suid-Afrika tel saam met Australië en Nieu-Seeland as die vryste en oopste lande wat landbouhandel betref, wat beteken dat die bedryf van die laagste staatsubsidies ter wêreld kry.

Agri SA sê daar is beslis 'n behoefte aan transformasie in die sektor, maar die kommer bestaan dat dit te veel staatmaak op staatsondersteuning en dat dit kan inmeng in die normale gang van die mark.

Agri SA sê 'n groot bron van kommer is dat die agriparke wit olifante kan word wat nie volhoubaar sal wees as die regering se geldelike ondersteuning daarvoor opdroog nie.

Agri SA wys ook daarop dat een ontwerp nie vir al die agriparke sal werk nie. Heelwat navorsing moet gedoen word oor die beleidsontwerp van die agripark-konsep.

Die volledige dokument in Engels kan gelees word by <http://www.agrisa.co.za/wp-content/uploads/2017/02/2017-Feb-Agriparks.pdf>. Hier volg 'n opsommende vertaling van dié dokument:

Agtergrond

Die Suid-Afrikaanse regering het in 2015 'n program begin waarvolgens sogenaamde agriparke die hoeksteen sal vorm van landelike ekonomiese transformasie.

Die visie vir dié agriparke is ententeite wat deur die landbouer bestuur word en as katalisator vir landelike nywerheidsontwikkeling dien.

Wat is 'n agripark?

Agriparke is veronderstel om as't ware eenstopfasiliteite te wees vir landboukundige ondersteuning, prosessering, logistiek, bemaking en opleiding binne distriksmunisipaliteite. Die regering meen dié projek kan 'n bydrae lewer om 300 000 nuwe kleinboere te vestig en sowat 145 000 werkgeleenthede in die sektor vir die verwerking van landbouprodukte te skep. Die beplanning behels dat agriparke in die gebiede van die 44 distriksmunisipaliteite gevestig word en dat die 27 armste munisipaliteite prioriteit moet geniet.

'n Agripark bestaan basies uit drie komponente, naamlik die landbouer, 'n ondersteuningseenheid vir hom wat die basiese insameling, 'n mate van berging, prosessering vir die plaaslike mark en uitgebreide dienste soos meganisasie en verskaffing van insette vir opkomende boere behels.

Die tweede komponent is die die agri-spileenheid wat die prosessering, verpakking, logistiek en opleiding sal behels. Laastens is die landelike-stedelike-marksentrum wat die landelike en stedelike gebiede met mekaar verbind wat betref marktoegang – plaaslik en internasionaal – en die sentrum wat markinligting verskaf en ook behoudingsfasiliteite.

Regering se definisie van 'n agripark

"'n Agripark is 'n netwerk-innovasie van landboukundige produkte, prosessering, logistiek, bemarking, opleiding en uitgebreide dienste in 'n distriksmunisipaliteit. As 'n netwerk stel dit 'n markgedrewe kombinasie van integrasie van verskillende landboubedrywighede en landelike inligtingsdienste."

Wat dit in werklikheid ten doel het, is die skepping van 'n omvattende sentraal-beplande landboukundige waardeketting met verskeie opwaartse skakels. Die idee is beide om produksie te stimuleer in die areas wat oorweeg word, sowel as om hulle produkte in kontak te bring met landbouwerkers vir die plaaslike en uitvoermarkte. Daar moet in gedagte gehou word dat sekere bedrywe voor 1991 deur die staat beheer is. Weens toenemende druk van verbruikers het die regering uiteindelik besluit om die hele bedryf te dereguleer en die Algemene Ooreenkoms op Handel en Tariewe (GATT) in 1996 te aanvaar.

Wat presies is die oogmerk van die agriparke-konsep?

President Jacob Zuma het in sy 2015-staatsrede die implementering van agriparke aangekondig om nuwe lewe te blaas in landbouprosesering en landbou as geheel in die land. Die oogmerk is om die groei van die kleinboersektor te bevorder, werk te skep en 'n eenstopfasiliteit te hê vir produksie, prosessering, logistiek, bemarking, opleiding en uitgebreide dienste. Dit volg ook op 'n besef dat welvaartskepping en herdistribusie in die landbousektor nie net lê in die hande van die primêre sektor nie. Primêre landbou (boerdery) dra 2,4% by tot die BNP. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 70 000 kommersiële boere. Wanneer dit egter saamgesien word met die landbouwaardeketting, word dit geskat op 10 tot 12% (gedeel deur sowat 50 groot landboubesghede, dit wil sê die grootste gedeelte van die bydrae tot die BNP is gekonsentreerd in 'n paar groot landboubesighede). Vandaar die regering se rationale om agriparke te bou as 'n manier om die landboukundige waarde te transformeer en staatsondersteuning te bied aan opkomende landbouers om die speelveld gelyk te maak van byvoorbeeld die staatsgesubsidieerde silo-infrastruktuur in die apartheidsjare wat nou deur belanghebbendes in die agribesigheid- en kommersiële landbouers se besit is.

Tot dusver het die staatsbeheerde pogings om die landbousektor te transformeer hoofsaaklik staat gemaak op die grondhervormingsprogram (met die merkbare uitsondering van AgriBEE). Grondhervorming mag oorspronklik gemik gewees het op maatskaplike regverdiging en versoening, maar daar is 'n groeiende ontevredeheid onder begunstigdes dat die program nie gelei het tot die sosio-ekonomiese bemagtiging waarop hulle gehoop het nie. Gevolglik kyk die staat nou daarna om hervorming in die waardeketting in te sluit om hierdie vraag te bevredig en landelike ekonomie oor die algemeen 'n hupstoot te gee. Die transformasiehoek in agriparke is duidelik soos wat dit gestel word as 'n poging om die nalatenskap van die verlede aan te spreek.

In 'n voorlegging deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming handel die inisiatief sterk met die koloniale en apartheid-nalatenskap van die land en bevat die volgende stelling: "Ter opsomming, dit is die kombinasie van die koloniale patroon van ekonomiese ontwikkeling, die apartheidstelsel van rassese segregasie en geërfde patrone van outoriteit in die etniese tuislande wat twee afsonderlike ekonomiese ruimtes tot gevolg gehad het: ontwikkelde areas met ryk hulpbronne teenoor

ontwikkelde gebiede met min hulpbronne. Hierdie twee ruimtes het saam bestaan in 'n plofbare verhouding, met die eerste deel wat wit was met ryk hulpbronne, met bevoegdheid en deel van die globale mark ekonomie, en die tweede wat nie ryk was aan hulpbronne nie, onbevoeg was en beperk was tot roumaterial en onbekwame arbeidskrag vir eersgenoemde."

'n Hele klomp maatskaplike probleme word dan toegeskryf aan hierdie erflating en dualistiese ekonomie.

Daar is min twyfel dat beide die primêre landbou sowel as die waardeketting moet transformeer en meer inklusief moet word teenoor kategorieë van mense wat deur die erflating van ons verlede uitgesluit word. Hoe dit ook al sy, 'n mens moet krities analiseer of 'n sentraalgedrewe, staatsbefondsde benadering die beste manier is om die volhoubare integrasie te bereik wat Suid-Afrika nodig het. Agriparke kan maar net een element wees van 'n breër landelike transformasie-strategie wat gemik word daarop om hierdie erflating en sy gevolge aan te spreek. Tog, enige poging wat nie op volhoubare markbeginsels gegrond is nie, gaan diegene faal vir wie dit eintlik moet bevoordeel. Die realiteit is dat ons dringend die groei van 'n lewensvatbare intensiewe kleinboersektor moet bevorder wat geïntegreer word in 'n suksesvolle waardeketting wat toepaslike opleiding, ondersteuningsdienste van goeie gehalte en toegang tot insette en winsgewende markte op die regte tyd verskaf gegrond op inklusiewe markbeginsels.

Hoe dit onderneem sal word, sal bepalend wees in hoe ons vorentoe gaan beweeg as 'n bedryf.

Areas wat aandag benodig in die konseppontwerp van agriparke

Die volgende faktore is uiters belangrik vir die sukses van 'n agripark:

- Die **ligging** van die park. Die produsente in die onmiddellike omgewing moet genoegsame materiaal kan verskaf wat die agripark kan prosesseer of verpak. Agriparke dupliseer tot 'n mate bestaande waardekettings in gebiede waar produksie onvoldoende is om beleggings in agro-prosessering deur die privaatsektor te regverdig. Die primêre produksie sal dus tegelykertyd gestimuleer moet word om aan die agripark se behoeftes te voldoen. Met dit in gedagte is dit uiters belangrik dat die persele wat gekies word, die potensiaal het om in die vraag wat geskep gaan word deur die agripark, te voorsien. Die departement se strategie ten opsigte hiervan is om tegelykertyd prosesseringsfasiliteite in plek te stel terwyl landbouproduksie gestimuleer word deur die verskaffing van ondersteuningsdienste en herkapitalisering. Die regering het in hul soeke na die regte persele vir die skepping van agriparke eerstens gekyk na dikstrikte wat sosio-ekonomies onder druk is. Aangesien kleinboere beskou word as 'n manier om sulke gemeenskappe op te hef, het die kriteria wat gebruik is die beskikbaarheid van staatsgrond, verspreiding van bestaande grondhervormingsbegunstigdes en beskikbare infrastruktuur ingesluit aangesien dit katalisators kan wees vir landbouontwikkeling.

Een van die grootste faktore wat gaan bepaal waar sulke agriparke aangelê sal word, is die beskikbaarheid van en toegang tot water vir besproeiing. Daar moet ook voldoende toegang tot markte wees vir die produkte wat gelewer word. Klimaat sal nog 'n bepalende faktor wees in waar die agriparke aangelê sal word.

- Die geriewe moenie **bestaande kommersiële geriewe** wat in die agripark se nabye omgewing voorkom, dupliseer nie. Suid-Afrika het een van die gevorderdste, internasionaal mededingendste netwerke van landbou-waardekettings op die vasteland. Suid-Afrika tel saam met Australië en Nieu-Seeland as die vryste en oopste lande wat landbouhandel betref, wat beteken dat die bedryf van die laagste staatsubsidies ter wêreld kry. Hoewel daar 'n groot behoefte aan transformasie in die sektor is, is daar tog kommer dat agriparke, indien dit sterk deur die regering gesteun word, kan inmeng met die normale werking van die mark en wit olifante kan skep wat hulself nie sal kan onderhou as die staatshulp uiteindelik opdroog nie. Die oplossing sal wees om betekenisvolle aansporings daar te stel wat die waardeketting self sal transformeer en dit ook meer toeganklik maak vir klein- en opkomende landbouers. Dit kan gedoen word deur die globale mededingingsvaardighede en marktoegangsooreenkomste wat reeds ontwikkel is, te gebruik en in stand te hou deur bestaande agribesighede eerder as om die wiel te herontwerp.
- Begrotingsbeperkings:** Wanneer 'n mens die skaal waarop die projek voorsien word in ag neem, is die begroting van R2 biljoen vir 44 agriparke nie groot nie. Dit blyk dat die sukses van die onderneming sal afhang van private beleggings. In dié stadium is dit egter nog nie duidelik wat die aansporing vir die privaatsektor gaan wees om daarin te belê nie. 'n Gemiddelde bedrag van R45 miljoen per agripark bly egter 'n goeie begin te wees as dit reg geoptimaliseer word om:
 1. die ontwikkeling van plaaslike toepaslike ondernemings te fasiliteer;
 2. die basiese nodige infrastruktuur daar te stel in samewerking met die plaaslike gemeenskap en kundiges (plaaslike agribesighede); en
 3. vir die BEE aandele te help koop sodat die opkomende nuwe boere in die distrik deel kan word van die kommersiële onderneming wat vir die agriparke voorgestel word.

Vereistes vir sukses

Die konsep van agriparke is nie 'n nuwe idee nie en ons moet leer uit die globale ondervinding om seker te maak dat die kritieke suksesfaktore ingesluit word wanneer die idee vir die Suid-Afrikaanse konteks ontwikkel word. Die Voedsel en Landbou-organisasie (VLO) het na die sukses van agriparke in Indië gekyk. In 'n artikel, "Agroindustrial parks: Experience from India", sê K. Laxminarayana Rao dat die volgende faktore kritiek is vir die sukses van agriparkte:

- Die **ligging** van die park.
- Die **potensiaal** van die gebied, byvoorbeeld wat in 'n spesifieke gebied geproduseer kan word en wat die produksieneigings is. Die vraag na verwerkte produkte sal afhang van die sosio-ekonomiese en demografiese neigings in die streek wat ook 'n invloed sal hê op veranderende verbruikspatrone.
- Die **buigsaamheid** van die parkontwerp in vroeë beplanningsprosesse. Uit lesse wat geleer is in die Saemaul Undong- landelike ontwikkelingsproses in Suid-Korea is die voordele van 'n buigsame benadering baie duidelik. Terugvoering van potensiële beleggers sal die beplanning vergemaklik.
- Gemeenskaplike infrastruktuur** sluit laboratoriums,

pakhuis, kwarantyngebiede, kragvoorsiening, telekommunikasiegeriewe, riolering en ander geriewe in.

- Die geriewe moenie **bestaande kommersiële geriewe** wat in die agripark se nabye omgewing voorkom, dupliseer nie.
- Ervare bestuur** is noodsaaklik. 'n Ervare span met die nodige vaardighede en bevoegdheid moet aangestel word.
- Ekonomiese **markfaktore** sal uiteindelik die kommersiële sukses van so 'n park bepaal.



Lesse wat ons moet leer

Wanneer ons kyk na hoe dinge in Indië en Suid-Korea gedoen is, tesame met insette van verskeie kenners, is dit duidelik dat daar vir die Suid-Afrikaanse model aansienlike aanpassings gemaak moet word om sukses te behaal.

Eerstens sal ontwikkeling markgedrewe moet wees. Die huidige model gebruik historiese patrone en verspreiding van kommoditeite as inligting vir op watter kommoditeit die agripark moet fokus. Kommoditeite wat in die verlede verbou is, mag dalk moontlik nie meer geskik wees nie aangesien die gevolge van klimaatsverandering die natuurlike kenmerke van ons land verander het.

Belangriker nog is dat agriparke moet produseer wat die mark wil hê. Die keuse van persele en kommoditeite moet op markintelligensie gegrond word. Die bestaande kommoditeitshandelaars, agribesighede en kommoditeitsorganisasies het 'n magdom kennis waaruit getap moet word. Tweedens, agriparke moenie die bestaande struktuur dupliseer nie, en nie probeer om daarmee mee te ding nie.

Die gevallestudie van die VLO het getoon dat agriparke nie langs bestaande kommersiële plekke gevestig moet word nie. Die huidige model steun swaar op staatsbefondsing en sentrale beplanning. So 'n struktuur kan moontlik nie meeding in 'n besigheidsomgewing met private instansies wat vinnige besluite kan neem nie. Dus is dit 'n wesentlike risiko dat agriparke volgens die huidige model nie sal oorleef wanneer die regering ophou om befondsing te verleen nie. Die staat se rol moet beperk word tot die verskaffing van aansporings en basiese infrastruktuur om belegging te lok en dit moet in vennootskap met bestaande privaatsektorinstansies gedoen word. In ruil moet voorwaardes deur die beleggers gestel word ten opsigte van die belegging om te verseker dat daar aan ontwikkelingsdoelwitte voldoen word. Daarbenewens moet innoverende maniere gevind word om transformasie te bevorder in die bestaande waardeketting. Laastens, 'n een-pas-almal-benadering kan nie gevolg word nie.

'n Groot hoeveelheid navorsing en moeite is gedoen in die ontwikkeling van beleid rondom die agriparke-konsep, maar die Suid-Koreaanse model het die waarde getoon van om nie té voorskriftelike te wees nie, maar eerder sover as moontlik op bestaande plaaslike patrone voort te bou. 'n "Model" moet hoogstens die basiese vereistes en toewyding tot befondsing uitstippel. Bedrewe bestuurders moet dan die ruimte gebied word om 'n intervensie te skep wat vir die spesifieke behoeftes van die streek geskep word. Die ondersteuningsprogram wat noodwendig in plek gestel sal moet word om primêre produksie te ondersteun, moet gegrond word op die spesifieke behoeftes van 'n verskeidenheid kleinboer-producente in losser en vaste waardekettings.

Alternatiewe benaderings tot agriparke?

Indien die huidige model van gesentraliseerde, staatsbestuurde agriparke nie die antwoord is op werkskepping en die ondersteuning van kleinboere in ons landelike gebiede nie, wat is dan? Prof. Andrew Foster het in 2011 'n artikel geskryf vir die Asian Development Bank met die titel "Creating Good Employment Opportunities for the Rural Sector". Hierdie geskryf ondersoek die potensiaal vir sektor-spesifieke groei, menslike kapitaal, kredietmarkte en infrastruktuur om by te dra tot die ontwikkeling van stabiele, goed betalende werk in landelike gebiede van lande met 'n lae inkomste. Foster kom onder andere tot die gevolgtrekking dat daar beide 'n teoretiese en empiriese basis is om te glo dat toegevoegde-waarde-produksie in landbou 'n potensieël waardevolle bron van groei in landelike verdienste is. Die skepping van lewensvatbare kleinboere en werksaamhede wat waarde toevoeg, kan inderdaad bydra tot lewensvatbare en stabiele landelike gemeenskappe, maar substansiële ondersteuning sal vereis word. Eerstens is daar geen universele aanvaarding van presies wie kwalifiseer as kleinboer nie. Pienaar en Traub het dit uitgelig in 'n referaat by die Internasionale Konferensie van Landbou-ekonomie in Milaan in 2015.

In Suid-Afrika verwys die terms "kleinskaal" gewoonlik na die totale hoeveelheid boere of huishoudings wat in enige landbouproduksie deelneem. Volgens die nasionale Departement van Landbou, Bosbou en Visserye moet hierdie groep kleinskaalprodusente onderverdeel word in twee groepe: opkomende boere en kleinboere. Eersgenoemde verwys na die ongeveer 200 000 landbouers wat hulle produkte verkoop, terwyl laasgenoemde verwys na die res wat vir huishoudelike gebruik produseer. Hierdie landbouers staar verskeie struikelblokke in die gesig, waaronder 'n gebrek aan bates, geen toegang tot kapitaal en krediet, 'n gebrek aan sekere vaardighede en dikwels 'n gebrek aan insette en markte vir behoorlike

uitbreidingsdienste. Tot nou toe kon die regering nie vir hul behoefte voorsiening maak nie. Kommoditeitsorganisasies, aan die ander kant, was redelik suksesvol met beperkte fondse tot hul beskikking, om kleinboere en opkomende boere te help. Indien kommoditeitsorganisasies in staat gestel word om meer te doen, kan hulle waarskynlik 'n groter impak hê.

Doeltreffende uitbreidingsdienste wat in vennootskap met agribesighede en kommoditeitsorganisasies gelewer word, gepaard met bekostigbare krediet en versekering sal verkom om kleinboer-boedery meer volhoubaar te maak. Kredietmarkte kan duidelik ook 'n insiggewende effek hê op landbouproduktiwiteit en self-indiensneming deur die verskaffing van werk- en aanvangskapitaal. Net so het navorsing ook getoon dat elektrifisering ook 'n belangrike invloed het op landelike ontwikkeling en dat om landelike gemeenskappe te help om alternatiewe energiebronne te gebruik, goeie resultate kan lewer.

Die suikerbeetprojek in Cradock in die Oos-Kaap is 'n goeie voorbeeld van laasgenoemde voorstel. Infrastruktuurprogramme in landelike gebiede kan ook 'n positiewe rol speel as goeie paaie en elektrisiteit bewese maniere is om mense se lewe te verbeter.

Indien die departement 'n onmiddellike en tasbare verskil wil maak in die lewe van landelike bewoners, sal hy goed doen as hy die waarde oorweeg van die ondersteuning van losser en informele waardekettings in die projekontwerp vir agriparke aangesien kenners saamstem dat beleidmakers tot dusver nie genoeg aandag geskenk het aan die waarde wat deur kleinboere in los waardekettings gegenereer word deur die verskaffing aan informele markte nie. Daar is dalk ruimte vir groot moderne besigheidsparke, maar daar is moontlik ook aansienlike waarde in die ondersteuning van plaaslike, opkomende besighede wat deur plaaslike entrepreneurs begin word.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan skryf 'n duidelike rol toe aan kleinbesighede om 'n rol te speel in werkskepping en ekonomiese groei. Die agripark-konsep bied 'n gulde geleentheid om dit te doen.

Laastens, inligting, kommunikasietegnologie kan gebruik word om boere met 'n virtuele mark te laat skakel vir die aankoop en verkoop van aanlyn produkte.

Gevolgtrekking

Enige ingryping moet vergesel word van 'n assessering van wat die onderliggende probleme is wat opkomende boere in hierdie gebiede daarvan weerhou om welvarend te wees. Terwyl werksaamhede wat waarde kan toevoeg, 'n rol kan speel in landelike ekonomiese groei, kan dit nie gedoen word sonder dat die onderliggende faktore wat 'n produksie aan bande lê, soos eiendomsreg en finansiering, ensovoorts aangespreek word nie.

Laastens, die departement moet 'n ware buigsame benadering oorweeg waarvolgens bestaande entrepreneurs ondersteun word om hul besighede te formaliseer, te laat groei en uit te brei. Die aanvanklike sakeplanne wat ingedien is, dui op 'n duidelike vooroordeel teenoor groot besighede met aansienlike staatsbeleggings tot sakeparke, groot fasiliteite en gekompliseerde bestuurstrukture.

Dit is debateerbaar of hierdie benadering marktoegang vir klein- en opkomende boere gaan meebring aangesien dit juis grootskaalse, formele strukture soos dié is wat reeds bestaan.



Jaagsiekte,

sluimerende siekte in skape

deur dr. Daan Verwoerd, voormalige
hoof van die Onderstepoort Veterinêre
instituut daanverwoerd@netactive.co.za

Inleiding

Jaagsiekte is 'n aansteeklike longkanker van skape wat meer as 'n eeu gelede vir die eerste keer in Suid-Afrika beskryf is. In 1891 het die destydse staatsveearts van die Kaap-kolonie, Duncan Hutcheon, 'n volledige beskrywing van die simptome, die longletsels en ook van die aanduidings dat die siekte aansteeklik is, gepubliseer. Enkele jare later is dit ook in Engeland en Duitsland beskryf en uiteindelik het dit geblyk dat die siekte in alle lande van die wêreld waar met skape geboer word, behalwe Australasië, voorkom.

Interessant genoeg het die oorspronklike Afrikaanse naam internasionaal vir langer as 'n eeu behoue gebly en word dit selfs vandag nog dikwels gebruik. Soos al die boerename is dit baie beskrywend hoewel dit steeds onseker is of die oorsprong van die naam die boere se manier was om hul skape aan te jaag en dié wat agter bly met die siekte te diagnoseer, of eerder die belangrikste simptome, die jaag van hul asems, beskryf.

Die siekte kom dwarsdeur Suid-Afrika en Namibië voor onder alle skaaprasse hoewel sekere rasse soos die merino en karakoel meer vatbaar is as byvoorbeeld die Engelse rasse.

Uitbreke van jaagsiekte kom dikwels voor wanneer 'n besmette skaap ingekoop word in 'n "skoon" kudde waar die siekte nooit voorheen voorgekom het nie. Ongelukkig kan dit baie lank neem voor die eerste simptome waargeneem word en jare kan verloop voordat die boer agterkom dat daar fout is.

Daar is ook genetiese verskille tussen individue en in 'n besmette kudde is daar gewoonlik draers van die virus wat geen simptome wys nie. Manlike en vroulike diere is ewe vatbaar maar ouderdom speel 'n groot rol in vatbaarheid vir infeksie. Pasgebore lammers is besonder vatbaar, dus

vind die meeste oordrag plaas tussen besmette ooie en hul lammers.

Die virus wat die siekte veroorsaak word in die long vrygestel, en wel in die longvog wat deur die kankerselle afgeskei word. Aangetaste diere produseer gevolglik groot hoeveelhede helder skuimerige vloeistof wat in die lugweë versamel, asemhaling belemmer en lei tot die uithoes van aërosoldruppels wat die virus bevat en ander diere besmet wat dit inasem.

In Suid-Afrika het ons opnames getoon dat die sterftesyfer weens jaagsiekte in kuddes kan wissel tussen een en 24% met 'n gemiddelde van 3,6%. Dit is dus nie 'n groot ekonomiese probleem nie, maar wel baie moeilik om van ontslae te raak. Daar is net een land wat daarin geslaag het om die siekte heeltemaal uit te roei, naamlik Ysland, wat dit in 1952 reggekry het deur hulle hele skaapbevolking met die uitsondering van 'n enkele afgeleë gebied uit te slag en weer van vooraf op te bou.

Simptome

Onder normale omstandighede is die verloop van die siekte stadig met 'n latente periode tussen infeksie en die eerste simptome ongeveer vyf tot ses maande. Wanneer pasgebore lammers eksperimenteel met 'n hoë dosis virus besmet word, kan die latente periode egter tot so kort as drie weke verlaag word met sterftes binne enkele dae ná die eerste simptome waargeneem word. By normale gevalle is die diere se toestand aanvanklik goed en kan versnelde asemhaling slegs waargeneem word wanneer hulle aangejaag word.

Later verloor hulle hul aptyt en kondisie, asemnood word sigbaar in rustende diere, sporadiese hoesbuie kom voor en daar is 'n toename in longvog, wat by die neus uitloop wanneer die dier se agterlyf opgelig word.

Navorsingsresultate

Toe Onderstepoort in die tagtigerjare begin het met navorsing oor jaagsiekte, is daar algemeen aanvaar dat die oorsaak van die siekte 'n virus moes wees, maar ten spyte van talle pogings in verskeie lande kon niemand daarin slaag om die virus te kweek, te isoleer of selfs te identifiseer nie.

Ons eerste deurbraak was om die gebrek aan voldoende infektiewe materiaal te oorbrug deur die ontdekking dat die inspuiting van pasgebore lammers binne 'n redelike tyd 'n goeie opbrengs kan lewer. Dit het ons in staat gestel om 'n virus te isoleer, dit te suiwer en elektron-mikroskopie te bestudeer. Veral belangrik was die vaststelling dat die virus 'n unieke ensiem bevat wat bewys het dat dit tot die familie retroviruse behoort, soos ook 'n aantal ander kankerviruse. Vandaar die naam Jaagsiekte-retrovirus (JSRV) wat internasionaal gebruik word.

'n Resultaat wat ons dronk geslaan het, was dat ons nooit enige teenliggame in die bloed van selfs die lammers met akute simptome kon vind nie. Ons kon dit nie verklaar nie en ongelukkig het dit beteken dat ons doelstelling om 'n entstof teen die siekte en serologiese diagnostiese toetse daarvoor te ontwikkel, onbereikbaar gelyk het.

Ons was dus gedwing om 'n ander uitweg te soek, veral vir diagnostiese toetse, deur gebruik te maak van die nuut-ontwikkelde molekulêre tegnieke. In samewerking met Franse navorsers het ons daarin geslaag om die eerste volledige virusgenoom in Suid-Afrika te ontrafel en met die hulp daarvan peilers te maak waarmee ons gehoop het om diagnostiese toetse te ontwikkel.

Soos dit dikwels in navorsing gebeur, was hierdie pogings weer onsuksesvol maar het dit tot 'n verstommende resultaat gelei, wat niemand kon voorsien nie. Dit het naamlik geblyk dat alle skaapselle, ook in normale diere, 'n verkorte kopie van die virus se genoom in die sel se DNA bevat. Die teenwoordigheid van hierdie sogenaamde endogene JSRV het 'n verklaring gebied vir die afwesigheid van 'n immuunreaksie – skape herken eenvoudig nie JSRV as 'n vreemde organisme nie en produseer dus nie teenliggame nie. Verskeie navorsers het wel doeltreffende diagnostiese reagense ontwikkel waarvoor daar ongelukkig nie 'n groot genoeg mark bestaan om dit lewensvatbaar te maak nie.

Daarmee het ons navorsing tot 'n einde gekom hoewel belangrike vrae nog onbeantwoord is, soos byvoorbeeld waarom die endogene virus nie kanker veroorsaak nie.

Waar laat dit die boer met 'n jaagsiekte-probleem? Hoewel ons geen finale oplossing gevind het nie, is daar wel goeie raad: met die ontdekking dat oordrag van die siekte hoofsaaklik op 'n baie vroeë ouderdom geskied en dat volwasse skape baie moeilik, indien ooit, besmet raak, kan eenvoudige bestuursmaatreëls die voorkoms van die siekte tot minder as een persent in 'n kudde beperk.


Ramme moet sover moontlik geen kontak met lammers hê tot op die ouderdom van ses maande nie. Ooie met lammers moet ook so lank moontlik van ander geïsoleer word en as 'n ooi die siekte ontwikkel, moet sy en al haar lammers uitgeslag word. Ons het hierdie aanbeveling met groot sukses by verskeie besmette kuddes toegepas.

Hierdie artikel het verskyn op <http://www.landbou.com/wp-content/uploads/2017/02/Jaagsiekte-sluimerende-siekte-in-skape.pdf>



[Fig.1.] Gevorderde geval van jaagsiekte met skuimende longvog wat by die neus uitloop. (Met erkenning aan dr. Johan van Rooyen)

Daar is gewoonlik geen koors nie, behalwe in gevalle waar sekondêre bakteriese infeksie tot longontsteking lei, wat dikwels die geval is. Skape kan vir weke of selfs maande oorleef, maar jaagsiekte is nie omkeerbaar nie. By nadoodse ondersoek is die longletsels baie kenmerkend. In gevorderde gevalle is die longe baie groot en vul soms die hele borsholte. Die longweefsel is solied en hard, gewoonlik veral die ventrale gedeeltes, met kleiner verspreide letsels in die res van die long.



[Fig. 2.] Tipiese soliede voorkoms van 'n jaagsiekte long

Mikroskopie kan gesien word dat die primêre letsel in die long 'n transformasie is van die epiteelselle wat 'n voering van die lugsakkies of alveoli vorm. Die transformasie na kankerselle beteken dat hulle vergroot en onbeheersd aanhou groei totdat die alveoli later opgevol is en nie meer kan funksioneer nie. Uiteindelik word trosse van die kankerselle gevorm wat die longe hul soliede voorkoms gee.



[Fig 3] Trosvormige kankerselle in 'n gevorderde geval van jaagsiekte

FAW-vragmotors slag gereed vir Nampo 2017



“Die belangstelling in ons uitstalling en voertuie by verlede jaar se Nampo-skou was verstommend. Besoekers was veral beïndruk met die afwerking, bekostigbaarheid en moderne ontwerp van ons produkte,” sê Jianyu Hao, uitvoerende hoofbeampte van FAW Voertuigvervaardigers Suid-Afrika (Edms.) Bpk.

FAW se voertuie raak toenemend gewilder onder die landbougemeenskap en die aantal FAW's wat in hierdie sektor aangewend word, neem jaarliks toe.

Boere is veral beïndruk met die sterk onderstel, klouvermoë en traksie deur die handratkas, sowel as die duursame ontwerp van FAW se produkte wat van hulle staatmakers in die lande sowel as op die pad maak.

“Kliënte raak toenemend oortuig van die waarde vir geld wat FAW bied en dit is dus glad nie verbasend dat ons voertuie baie gewild is in die landbousektor nie.

“Topgehalte vervaardiging, 'n eenvoudige en duursame ontwerp, goeie werkverrigting en waarde vir geld – dit is wat FAW se kommersiële voertuie bied,” sê Hao. “By Nampo sal 'n keur van ons bekostigbare vragmotors te sien wees.

“Die voertuie wat ons verlede jaar by Nampo uitgestal het, was bedoel om te wys hoe gepas FAW se voertuie is vir die landbousektor ten opsigte van werkverrigting en hoe ons bedryfskoste en gevolglik ook die koste van eienaarskap laag hou,” verduidelik Hao.

Groot fokus sal hierdie jaar op twee van FAW se topverkopers – die FAW 8.140FL en die FAW 15.180FL – geplaas word om te wys waarom die twee voertuie so goed vaar in hul onderskeie marksegmente.

Hierdie is die 16de keer dat FAW aan Nampo deelneem. “Ons sien dit as 'n aanduiding van ons toewyding tot die boeregemeenskap. Ons herken en waardeer die lojale ondersteuning van ons menige kliënte uit landbougeledere regdeur FAW se 22 jaar op die Suid-Afrikaanse mark,” sê Hao.

Verkope van FAW-vragmotors in die sub-Sahara-streek het met rasse skrede toegeneem sedert die Coega-aanleg in 2014 geopen is. Heelwat Suider-Afrikaanse kliënte koop

plaaslik vervaardigde voertuie omdat dit nie slegs meer koste-effektief is nie maar ook omdat sommige van die voertuie spesiaal aangepas is vir spesifieke streekstoestande.

Die voordele van plaaslik koop sluit korter afleweringstye, hoër gehaltesvlakke wat in die Suid-Afrikaanse aanleg gehandhaaf word en laer kostes in.

“Daar is heelwat voordele daaraan verbonde om FAW-produkte by ons Suid-Afrikaanse basis te koop. Die belangrikste hiervan is natuurlik dat ons hulle vinniger aan ander Afrika-lande kan verskaf en deur die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en Afrika Unie is daar natuurlik ook voordele ten opsigte van invoer- en uitvoerbelasting,” verduidelik Jianyu Hao.

Die Nampo Oesdag, wat jaarliks op Bothaville in die Vrystaat gehou word, lok nie slegs rolspelers uit die plaaslike landbousektor nie, maar ook heelwat besoekers van reg oor Afrika en ander kontinente. Veral Suid-Amerika en Asië word goed verteenwoordig.

FAW se uitvoerende hoofbeampte beaam dit: “Ons is baie in ons skik met die toenemende aantal mense wat ons Nampo-uitstalling jaarliks besoek.”

Graan SA se Nampo Oesdag is die grootste landbou-uitstalling in privaatbesit in die suidelike halfgrond. Volgens die webwerf bied die oesdag die landboubedryf die geleentheid om eerstehands en op een terrein die jongste tegnologie en produkte wat aan die sektor beskikbaar is te ervaar.



LAAGSTE KOSTE PER TON LANDBOU VENNOTE



**Vanaf
R269 000**

(BTW uitgesluit) 8.140FL – onderstel / kajuit

8.140FL
5 Ton

15.180FL
8 Ton

16.240FL
8 Ton

28.330FL
14 Ton

FAW vragmotors is opgewasse teen die moeilikste toestande en hanteer uitdagende vragte met gemak. FAW bied hoë gehalte en uitmuntende duursaamheid danksy 'n sterk onderstelraam, koste effektiewe onderhoud, lae verbruik en bekostigbaarheid.

Die FAW vragdraer reeks bestaan uit die 5 Ton 8.140FL, 8 Ton 15.180FL en 16.240FL, asook die ekstraswaar 14 Ton 28.330FL.

E&OE



GEBOU IN SUID-AFRIKA VIR AFRIKA
www.faw.co.za
087 700 2810

SONKRAG SEKURITEIT



NXS0024*
10W Sonkrag Sekuriteitslig
met Bewegingsensor
600 Lumens



NXS0009*
108 LED Sonkrag Sekuriteitslig
met Afstandbeheer
550 Lumens

HOË
LUMENS



NXS0008*
54 LED Sonkrag Sekuriteitslig
met Afstandbeheer
340 Lumens

HOË
LUMENS



NXS0007*
60 LED Sonkrag Sekuriteitslig
met Bewegingsensor
180 Lumens

*Nie volgens skaal

Spaar krag met Nexus.

Belig jou eiendom se buite areas. Selfs gedurende kragonderbrekings.

Die nuwe reeks Nexus sonkrag sekuriteitsligte spog met die nuutste sonpaneel- en LED tegnologie. Al die produkte in die reeks is maklik om te installeer (geen bedrading nie) en word vooraf verpak met monterings panele, vlekvrre staalskroewe en eenvoudige installasie-instruksies.

NEXUS





Landbou-smeermiddelgid

www.total.co.za

ACO MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Enjins Cummins-enjin	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	-	-	-	-
Verskuiwers 100, 130i, 160, 200, 240, 250,270,290, 350, 460,600 (ADE 422N enj) Transmissie: 100 model Voor/agteras behalwe 130i Hidroulies 130i	Rub1a XT of Rubta 4400	Rubia S 10W* Dynatrans MPV	- Transmission Axle 7 85W-140	Rubia S 10W* Dynatrans MPV	Rubia S 10W*
Trekkers ADE 366, 366T, 447T, 442Ti 443Ti. 444Ti	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400				
AGRIA MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers Alle modelle	Rubia S 30*	Rubia S 50	Rubia S 50	Rubia S 30*	Mullis EP 2
AGRICO MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers 4+100 (ADE366T) 4+100 (ADE 409) 4+125 (ADE 409) 4+125 (ADE 366Ti) 4+160 (ADE407C) 4+200 (ADE 407T) 4+250 (ADE 447C) 4+320 (ADE 443T) 4+400	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Rubia XT of Rubia 4400 Rubia XT of Rubia 4400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Rubia XT of Rubia 4400	Dynatrans MPV Dynatrans MPV Dynatrans MPV Dynatrans MPV Dynatrans MPV Dynatrans MPV Dynatrans MPV Dynatrans MPV Dynatrans MPV	Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140	- - - - - - - - -	- - - - - - - - -
AGROTEC MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Oesdorser 172,173, 174 Alle ratkaste	-	Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90	-	-	- -
Mielieplanters 244	-	Rubia S 30*	-	-	-
Trekkers Allis 4 & 5 xx-reekse Voorasbrug Voor-finale-aandrywing 4-reeks-remme	Rubia XT of Rubia 4400 Dynatrans MPV	Transmission Axle 7 80W-90	- Dynatrans DA 80W-90 Transmission Axle 7 85W-90	Gebruik enjinolie	-
Graanplanters Alle modelle	Rubia S 30*		-	-	-
ALLIS-CHALMERS MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Wieltrekkers 7045, 7060, 7080, 7580, 8030, 8050, 8070, 8550, 4W-305	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Dynatrans MPV*	Dynatrans MPV*	Dynatrans MPV*	Dynatrans MPV*
AMBIDEX MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers 2T, 4T	Rubia XT of Rubia 4400	-	-	Azolla ZS68	-
ANGELO INTERNATIONAL MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers Jimma 160,204,220 250, 254 Shanghai SH 50, SH 504 Shenniu 254 Tienniu 650L, 654L	Rubia XT of Rubia 4400 Rubia XT of Rubia 4400 Rubia XT of Rubia 4400 Rubia XT of Rubia 4400	Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140 Transmission Axle 7 85W-140	Transmission Gear 7 80W-90 Transmission Gear 7 80W-90 Transmission Gear 7 80W-90 Transmission Gear 7 80W-90	Dynatrans MPV* Dynatrans MPV* Dynatrans MPV* Dynatrans MPV*	- - - -
ASTOA MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers Lombardini	Rubia S 30*	Transmission Axle 7 80W-90	Transmission Axle 7 80W-90	Azolla ZS68	-
AUSTRAK MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers Ford-enjins Lombardini-enjins	Rubia S 30* Rubia S 40*	Rubia XT of Rubia 4400 Rubia XT of Rubia 4400	MRL -	Azolia ZS 100 Azolia ZS 100	MRL MRL



CLAAS MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers Atlas 900 series Celtis Farming 446	Tractagri HDX SYN of Rubia TIR 8600 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Dynatrans MPV Dynatrans MPV	Dynatrans DA 80W-90 Dynatrans DA 80W-90	-	-
CLARK MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Enjins Cummins-enjins Detroit Diesel 2-siklus Verskuiwers Reeksverskuiwers Mid Mount- Laers Sleeptrekkers Petrol Ander Diesel Outo CT Outo GT, DT Handrattransmissie	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Rubia G 1300 SAE 40 - Rubia S 10W Quartz 3000 SG 20W-50* Rubia S 30* - - -	- - Rubia S 30* - - Fluide ii D of Fluide ATX Fluide ii D of Fluide ATX Transmission Axle 7 80W-90	- - Transmission Axle 7 80W-90 - - Transmission Axle 7 80W-90 -	- - Rubia S 10W* - - - Fluide ii D of Fluide ATX -	- - - - - - -
CLAYSON MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Stroppers Alle modelle	Rubia S 30*	Transmission Axle 7 80W-90	Transmission Axle 7 80W-90	Rubia S 30*	-
COUNTY MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers 764, 764P, 1164, 1164P, 5600, 7600 Voorewenaar, Voornaaf Kragstuur	Rubia S 30*	Dynatrans FR	Verwys na onder Transmission Axle 7 80W-90	-	Transmission Axle 7 80W-90 Rubia S 10W
DAVID BROWN MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers 770, 780, 885, 990, 995, 1200, 1212, 1410, 1412 (selectomatic, hydrashift) 850, 880, 900, 950	Rubia S 30*	Rubia S 30* Rubia S 50*	Dynatrans MPV* MRL	Rubia S 30*	Dynatrans MPV*
DEUTZ MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers D4006, D5006, D5206, D6006, D6202, D6806, D7006, D7206, D4007, D4507, D6207, D6807, D7807 D8006, D9006, D10006, D13006 Finalagteraandrywing DX3.10, DX3.30, DX3.50/A/FA DX3.70, DX3.90FA, DX4.10, DX4.30, DX8.30 DX4.50, DX6.50, DX4.70, DX6.30, DX7.10 Vooras, Planetaries, Val-As DX86, DX90, DX1 10, DX1 20, DX1 45, DX1 60	Rubia S 30* Rubia S 30*	Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90 Rubia S 30* Transmission Axle 7 80W-90 Rubia S 30* Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90	- - Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90 -	Rubia S 30* Rubia S 30*	Transmission Gear 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90
DEUTZ-FAHR MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Stroppers M600, M1600(Hyd) M900, M1000, M1002, M1102, M1200, M1202, M1300, M1302 Trekkers 100A, 120A, 140A	Rubia S 30* Rubia S 30* Rubia S 30*	Rubia S 30* Transmission Axle 7 80W-90 Rubia S 30*	Transmission Axle 7 80W-90 - Transmission Axle 7 80W-90	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400
FENDT MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers Favorit 10S, 11S, 12S Farmer 2S, 5S, 4S, 5S	Rubia S 30*	Rubia S 30* Transmission Axle 7 80W-90	-	- Rubia S 30*	Rubia S 30* Transmission Axle 7 80W-90



FIAT MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
Trekkers 80R, 411R, 415, 513R, 615	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Transmission Axle 7 80W-90	Transmission Axle 7 80W-90	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Transmission Axle 7 80W-90
350,450,450V,480, 480V, 500, 540 540V, 550, 600 640, 650	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90	Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90	- -	Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90
Kragstuur Finalevooraandrywing, Voorewenaar Finaleagteraandrywing 750	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Transmission Axle 7 80W-90	Verwys na onder	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Transmission Axle 7 80W-90 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400
Kragstuur 850,1000, 1300 Power Steering	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Transmission Axle 7 80W-90	Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90 Verwys na onder	-	Transmission Axle 7 80W-90 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400
Finalevooraandrywing, Voorewenaar 470V, 474V	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Transmission Axle 7 80W-90	Transmission Axle 7 80W-90	-	Transmission Axle 7 80W-90
Finaleagteraandrywing Voorewenaar, Voornaaf 45-66, 55-46	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Transmission Axle 7 80W-90	Transmission Axle 7 80W-90	-	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400
55-66F, 55-66V, 55-76F, 55-76V, 55-88F, 55-88V, 70-56 70-76F, 72-86F, 70-66, 70-66S, 80-66, 80-66S	Transmission Axle 7 80W-90	Transmission Axle 7 80W-90	Transmission Axle 7 80W-90	-	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400
Voorewenaar, Voornaaf 480, 580, 680, 780,880,980, 1180, 1580, 1880	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400	Transmission Axle 7 80W-90	Verwys na onder Verwys na onder	-	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400
Agterewenaar Voorewenaar, Voornaaf Nat Remme	Tractagri HDX of Rubia TIR7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Total LHM Plus	Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90 Elf Trans-O-Matric of Fluide CC	Verwys na onder Verwys na onder Transmission Axle 7 80W-90 Verwys na onder Verwys na onder Verwys na onder Transmission Axle 7 80W-90 Transmission Axle 7 80W-90	- -	Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400 Tractagri HDX of Rubia TIR 7400
90-90,100-90, 110-90, 115-90 130-90, 140-90, 160-90 140-90 P/Shift, 160-90 P/Shift					
Agterewenaar Voorewenaar, Voornaaf Nat Remme					
FIAT MODEL	ENJINOLIE	TRANSMISSIEVLOEISTOF	FINALE DRYFOLIE	HIDROULIESE VLOEISTOF	STUURVLOEISTOF
- Wees bedag op stres as gevolg van kouefronte, hittegolwe, droogte, versuiping, siektes, ens. nadat die plante die grootte bereik het om vatbaar te wees vir induksie. Stres kan die vorming van saadstiele versnel sodat jong plante dadelik saadskiet. Toediening van bemesting, gifstowwe en fito-toksiese middels kan ook stres veroorsaak.
- Vermyn saailinge wat onder baie lae temperatuur geproduseer word - besoek die kwekery van u keuse om seker te maak. Saadbeddens moet nie op laagliggende plekke voorberei word nie.
- Gaan aanplantings gedurig na vir tekens van saadskiet. Sny 'n paar koppe in die lengte deur en let op na die lengte van die kern (stingel). Indien die kern begin verleng, beteken dit dat saadskiet begin het en dit baie vinnig gaan plaasvind. Die oes kan op hierdie stadium nog gered word indien die koppe so gou moontlik ge-oes en bemark word. Die opbrengs sal laer wees, maar ten minste is die hele oes nie verlore nie.

- Dit is uiters belangrik om variëteite te kies wat weerstand het teen saadskiet. Soos hierbo bespreek is, is die oorsake van saadskiet veelvuldig en kompleks - saadskiet word nie net deur klimaatsfaktore beïnvloed nie, maar ook deur produksiepraktyke. Omdat die klimaat van jaar tot jaar wissel, kan die reaksie van 'n bepaalde variëteit van jaar tot jaar verskil. Daarom kan daar nooit gewaarborg word dat 'n variëteit gaan saadskiet of nie. Moet nie variëteite met hitteweerstand en 'n lang groeiperiode in die winter plant nie.
- Moet nie oorhaastig oorslaan na 'n nuwe of onbekende variëteit nie. Plant die variëteit vir 'n paar jaar om vertrouwd te raak met die reaksies van die variëteit op plaaslike klimaat en produksiepraktyke.

Gevolgtrekkings

- Variëteite wat normaalweg nie saadskiet nie, mag dit wel doen in 'n bepaalde jaar as gevolg van baie lae temperature, of ander bydraende faktore.
- Hierdie winter gaan na alle verwagting baie koud wees, daarom moet voorsorg getref word om saadskiet te vermyn indien moontlik.
- Om in staat te wees om saadskiet te voorkom of te vermyn, is dit nodig om die proses te verstaan en faktore wat dit veroorsaak te ken.
- Die faktor wat die grootste impak het op saadskiet en die finale resultaat, is die keuse wat gemaak is ten opsigte van die variëteit.

Bestandheid is die vermoë van 'n plantvariëteit om die groei en ontwikkeling van 'n spesifieke pes of patogeen, en/of die skade wat dit berokken te verhinder in vergelyking met vatbare plantvariëteite onder dieselfde omgewingstoestande en pes-of patogeen-druk. Bestandte variëteite kan wel simptome of skade wys onder hewige pes-of patogeen druk.



Maniere om jou **ALGEMENE GESONDHEID** te verbeter en te behou

Nie een van ons hou daarvan om siek te wees nie, want behalwe dat dit ongerieflik is, jaag dit jou boonop etlike rande uit die sak. Nie net voel jy sleg as jy siek is nie; dit hou jou ook uit die werk uit en weerhou jou daarvan om die dinge te doen wat jy moet. Jou dagtake hou nie op net omdat jy nie jou kop van die kussing af kan lig nie – dit moet steeds gedoen word.

Daarom is dit belangrik om na jouself te kyk en alles in jou vermoë te doen om enige siektes af te weer.

Op die webblad <http://wol.jw.org> het ons 'n artikel gevind met nuttige raad oor hoe om te verhoed dat jy siek word. Ons praat egter nou nie van onvermydelike siektes nie, maar daar is tóg siektes wat met die regte voorsorg afgeweer kan word. Hier volg dus vyf stukke raad om jou uit die siekbed te hou.



Handhaaf goeie higiëne

“Om jou hande te was, is volgens die Mayo Clinic ‘een van die beste maniere om te voorkom dat jy siek word en dat siekte versprei’. Een van die maklikste maniere om verkoue of griep te kry, is om jou neus of jou oë te vryf as jou hande met kieme besmet is. Jou beste verdediging teen sulke besmetting is om jou hande gereeld te was.

“Goeie higiëne kan ook die verspreiding van ernstiger siektes voorkom, soos longontsteking en diarreale siektes, wat elke jaar die lewe eis van meer as tweemiljoen kinders onder die ouderdom van vyf. Selfs die verspreiding van die dodelike siekte Ebola kan beperk word deur die eenvoudige gewoonte om hande te was.

“Daar is sekere tye wanneer dit veral belangrik is om jou hande te was om jou gesondheid en dié van ander te beskerm. Jy moet jou hande was:

- nadat jy die toilet gebruik het;
- nadat jy 'n kind se doek omgeruil het of 'n kind gehelp het om die toilet te gebruik;
- voordat en nadat jy 'n wond of 'n sny behandel het;
- voordat en nadat jy 'n siek persoon besoek het;
- voordat jy kos voorberei, bedien of eet;
- nadat jy genies, gehoës of jou neus gesnuit het;
- nadat jy aan 'n dier of 'n dier se ontlasting geraak het; en
- nadat jy vullis hanteer het.

En moenie net aanneem dat jy jou hande behoorlik was nie. Studies het getoon dat baie mense nie hulle hande was nadat hulle 'n openbare toilet gebruik het nie of dit nie behoorlik was nie. Hoe moet jy jou hande was?

- Maak jou hande nat in skoon, lopende water en smeer seep aan.
- Vryf jou hande totdat skuim vorm en moenie vergeet om jou naels, jou duime, die agterkant van jou hande en tussen jou vingers skoon te maak nie.
- Vryf jou hande ten minste 20 sekondes lank.
- Spoel dit in skoon, lopende water af.
- Maak dit met 'n skoon handdoek of papierhanddoek droog.

Sulke maatreëls is eenvoudig, maar kan siektes voorkom en lewens red.”

Juis vanweë navorsing oor hierdie kwessie bedien meeste openbare kuierplekke (soos kroëë) nie meer grondboontjies op die toonbank nie omdat so baie mense nie hul hande was nadat hulle die toilet in die kuierplek gebruik het nie. Dit is waar die gewoonte ontstaan het om ook in restaurante toegedraaide lekkergoed saam met die rekening te bring in plaas van daardie wit pepermenté wat vroeër jare uitgedeel is.

'n Ander artikel verwys ook na die handewassery en beklemtoon dat dit baie belangrik is om wel seep te gebruik. Dan maak dit nie saak of jy met koue of warm water was nie, want die seep is die agens wat sorg dat die kieme gedood word.

Gebruik skoon water

“Om genoeg skoon water vir jou gesin te kry, is in party lande 'n daaglikse taak. Maar toegang tot skoon water kan in enige deel van die wêreld 'n probleem word wanneer die gewone watertoevoer wat normaalweg veilig is om te drink, besoedel word as gevolg van 'n oorstroming, 'n storm, 'n gebarste pyp of iets anders. As water nie van 'n veilige bron af kom of reg geberg word nie, kan dit parasietbesmetting veroorsaak, asook cholera, lewensgevaarlike diarree, ingewandskoors, hepatitis en ander infeksies. Onveilige drinkwater is een van die oorsake van ongeveer 1,7 miljard gevalle van diarreale siektes per jaar.

Cholera word in die meeste gevalle veroorsaak wanneer mense water of kos inneem wat besmet is met ontlasting van mense wat die siekte het.



“Wat kan jy doen, selfs onmiddellik ná 'n ramp, om te verseker dat jy nie besoedelde water inneem nie?

- Verseker dat al jou drinkwater – insluitende die water waarmee jy tande borsel, ys maak, voedsel en skottelgoed was of kook van 'n veilige bron af kom, soos munisipale water wat voldoende gesuiwer is of verseëlde bottels water van 'n maatskappy met 'n goeie naam.
- As daar 'n moontlikheid bestaan dat jou kraanwater besmet is, moet jy jou water kook of dit met die gepaste chemikalieë behandel voordat jy dit gebruik.
- As jy chemikalieë gebruik, soos chloor of watersuiweringstablette, moet jy die vervaardiger se instruksies sorgvuldig volg.
- Gebruik waterfilters van 'n goeie gehalte as dit beskikbaar en bekostigbaar is.
- As geen watersuiweringsmiddels beskikbaar is nie, kan jy gewone bleikmiddel gebruik. Voeg twee druppels bleikmiddel vir elke liter water by, meng goed en laat die water dan 30 minute lank staan voordat jy dit gebruik.
- Hou gesuiwerde water altyd in skoon, bedekte houers om te verhoed dat dit weer besmet word.
- Maak seker dat enige voorwerp wat jy gebruik om water uit hierdie houers te skep, soos 'n beker, skoon is.
- Maak seker dat jou hande skoon is wanneer jy waterhouers hanteer, en moenie jou hande of vingers in die drinkwater sit nie.

Let op wat jy eet

“Dit is nie moontlik om goeie gesondheid te geniet sonder goeie voeding nie, en goeie voeding behels 'n gesonde, gebalanseerde dieet. Jy moet dalk let op hoeveel sout, vet en suiker jy inneem, en jy moet jou nie ooreet nie. Sluit vrugte en groente by jou dieet in, en eet 'n verskeidenheid voedselsoorte.

“As jy die inligting op die verpakking lees, sal dit jou help om volgraanprodukte te kies wanneer jy brood, ontbytgraan, pasta of rys koop. Dit is ryker aan voedingstowwe en vesel as produkte wat van verfynde graan gemaak is. Wat proteïene betref, moet jy klein porsies vleis en hoender eet, en probeer om 'n paar keer per week vis te eet, as dit moontlik is. In party lande is dit ook moontlik om proteïenryke voedselsoorte te kry wat van plante afkomstig is.

“As jy te veel suiker en harde vet eet, loop jy die risiko dat jy oorgewig sal word. Om hierdie risiko te verminder, moet jy eerder water as koeldrank drink. Eet eerder vrugte as

nageregte wat baie suiker bevat. Beperk jou inname van die soort harde vet wat in kosse soos wors, vleis, botter, koek, kaas en koekies voorkom. Dit is beter om gesonder olies eerder as harde vet te gebruik wanneer jy kook.

“Te veel sout kan veroorsaak dat jou bloeddruk te hoog word. As jy hierdie probleem het, moet jy die inligting op die verpakking van produkte lees om te verseker dat jy nie te veel sout inneem nie. Gebruik kruie en speserye eerder as sout om jou disse te geur.

“Hoeveel jy eet, kan net so belangrik wees soos wát jy eet. Geniet dus jou kos, maar moenie aanhou eet wanneer jy nie meer honger is nie.

“Nog iets wat met voeding verband hou, is die gevaar van voedselvergiftiging. Enige kos kan jou vergiftig as dit nie reg voorberei of geberg word nie. Een uit ses Amerikaners raak elke jaar siek as gevolg van voedselvergiftiging. Die meeste herstel sonder enige blywende negatiewe gevolge, maar party gaan daarvan dood.



Wat kan jy doen om die gevaar te verminder?

- Groente groei in grond wat moontlik met mis bemes is, en daarom moet dit deeglik gewas word voordat dit voorberei word.
- Was jou hande, snyplank, kombuisgereedskap, bakke en werksoppervlak met warm, seperige water voordat jy elke item voorberei.
- Maak altyd 'n oppervlak of bord skoon waarop daar rou eiers, hoender, vleis of vis was voordat jy ander voedsel daarop sit. Dit sal verhoed dat een voedselitem deur 'n ander besmet word.
- Wanneer jy voedsel gaarmaak, moet jy seker maak dat dit die regte temperatuur bereik. Sit enige bederfbare items wat nie onmiddellik geëet gaan word nie, so gou moontlik in die yskas.
- Gooi enige bederfbare items weg wat meer as twee uur lank by kamertemperatuur gelaat is of meer as een uur lank by 'n lugtemperatuur van meer as 32 grade Celsius gelaat is.



Bly aktief

“Ongeag hou oud jy is, jy het gereelde oefening nodig om gesond te bly. Vandag oefen baie mense nie genoeg nie. Waarom is oefening belangrik? Om aktief te bly, kan jou help om:

- goed te slaap;
- jou beweeglikheid te behou;
- sterk bene en spiere te hê;
- 'n gesonde gewig te bereik of dit te handhaaf;
- die risiko te verminder dat jy depressie sal kry; en
- die gevaar van vroegtijdige dood te verminder.

As jy nié aktief bly nie, is die gevaar groter dat jy:

- aan hartsiekte sal ly;
- tipe 2-diabetes sal kry;
- hoë bloeddruk sal ontwikkel;
- hoë cholesterolvlakke sal ontwikkel; of
- 'n beroerte sal kry.

“Die soort oefening wat reg is vir jou, hang af van jou ouderdom en gesondheid. Daarom is dit verstandig om 'n dokter te raadpleeg voordat jy met enige nuwe oefenprogram begin. Volgens verskeie aanbevelings moet kinders en adolessente ten minste 60 minute matige tot strawwe oefening per dag kry. Volwassenes moet 150 minute matige oefening of 75 minute strawwe oefening per week kry.

“Kies iets wat vir jou pret is. Dit kan basketbal, tennis, sokker, vinnige stap, fietsry, tuinmaak, houtkap, swem, kanovaart, draf of ander aërobiese oefening insluit.

“Hoe sal jy weet of 'n aktiwiteit matige of strawwe oefening is? 'n Algemene riglyn is dat matige oefening jou laat sweet, maar dat strawwe oefening dit vir jou moeilik maak om 'n gesprek te voer terwyl jy dit doen.”

Kry genoeg slaap

“Die hoeveelheid slaap wat 'n mens nodig het, verskil van persoon tot persoon. Die meeste pasgebore babas slaap 16 tot 18 uur per dag, kleuters ongeveer 14 uur en voorskoolse kinders omtrent 11 of 12 uur. Skoolgaande

kinders het ten minste tien uur slaap nodig, adolessente dalk nege of tien uur en volwassenes sewe tot agt uur.

“Om die regte hoeveelheid rus te kry moenie as opsioneel beskou word nie. Volgens deskundiges is genoeg slaap belangrik:

- vir die groei en ontwikkeling van kinders en tieners;
- om nuwe inligting te leer en te onthou;
- om die regte hormoonbalans te handhaaf wat 'n uitwerking op jou metabolisme en gewig het;
- vir die gesondheid van jou hart en bloedvatstelsel; en
- om te voorkom dat jy siek word.

“Te min slaap word verbind met vetsug, depressie, hartsiekte, diabetes en tragiese ongelukke. Dit gee ons beslis goeie rede om genoeg rus te probeer kry.

“Maar wat kan jy doen as jy beseft dat jy te min slaap kry?

- Probeer om elke dag op dieselfde tyd te gaan slaap en op te staan.
- Sorg dat jou slaapkamer stil, donker, ontspannend en nie te warm of te koud is nie.
- Moenie TV kyk of elektroniese toestelle gebruik terwyl jy in die bed is nie.
- Sorg dat jou bed so gemaklik as moontlik is.
- Moenie 'n groot maaltyd eet of kafeïen of alkohol drink voordat jy gaan slaap nie.

“As jy al hierdie wenke toegepas het en nog steeds ly aan slapeloosheid of 'n ander slaapversteuring – soos om uitermate lomerig te voel gedurende die dag of na jou asem te snak terwyl jy slaap – sal dit verstandig wees om 'n professionele gesondheidswerker te raadpleeg.”

Baie van ons is dikwels hardkoppig wanneer ons wel 'n siekte onder lede het. Onthou dat iets soos brongitis maklik in longontsteking kan omsit as jy te lank wag voordat jy by 'n dokter aanklop. 'n Mens wil beslis nie vir elke bakkatel dokter toe hardloop nie, maar moenie te lank wag met die verskoning “ek sal dit nog twee of drie dae gee” nie. Ons is dit aan onself en aan ons geliefdes verskuldig om so gesond moontlik te bly.



WENKE

wat werk

Boerererate en verbruikers-wenke

Ink

- Gebruik brandspiritus, alkohol of haarspoei om balpuntpen-inkkolle te verwyder. Sit die gevlekte materiaal op 'n droë stuk watte. Deurweek nog 'n stuk watte met brandspiritus of bensien en dep dit aan die vlek. Herhaal met 'n skoon stukkie watte totdat die vlek uit is.
- Spuit haarspoei aan die vlek en dep met skoon stukkie watte.
- Gebruik naellakverwyderaar om viltpenmerke van jou vel te verwyder.
- Om ink uit tapyte te haal, neem karringmelk en 'n skoon lap. Gooi karringmelk op die inkkol en druk daarop met die lap totdat die ink uit is. Was dan die plek met warm water en ammoniak.
- Merkersink (ink waarmee klere en voorwerpe gemerk word) kan afgehaal word deur dit met 'n papierhandoek wat in alkohol gedoop is, te vryf.
- Om balpuntink uit klere te haal, drup Lennons Witdulsies op die merk en was soos gewoonlik.
- Strooi dadelik sout oor ink wat op wit materiaal gemors is. Vryf met 'n suurlemoen daaroor. Spoel die materiaal dan dadelik uit en was soos gewoonlik.
- Of vryf botter op die inkvlek en was die kledingstuk of vryf dit skoon met 'n lap wat in baie warm water geweek is.
- Jy kan ook eau-de-cologne of tandepasta gebruik.

Witter as wit klere

- Bêre al jou wit klere in blou plastieksakke. Dit keer dat die klere geel word wanneer dit tot die volgende seisoen gebêre word.
- Blousel, wat in meeste supermarkte verkrygbaar is, kan ook jou witgoed skitterwit hou. Laat week dit in water waarin die blousel opgelos is. Wees net versigtig, want as dit nie mooi opgelos het nie, maak dit blou kolletjies op jou klere.
- Die koeke groen Sunlight-seep bly 'n staatmaker. Wanneer jou wit klere gelerig begin lyk, maak die kledingstuk nat en smeer dit behoorlik met die Sunlight-seep. Vryf en vryf totdat die wit skuimbolle verskyn. Laat lê dit so nat vir twee of drie dae. (Moenie weer water bytap nie, die seep kan maar droog word in die klere). Was dit dan normaalweg.
- Week die klere oornag in Sterri Nappi. Dit was katoene, wolle, ensovoorts en dit bring niks skade aan die klere aan nie, maar die klere is so wit soos kan kom.
- Week wit sokkies in soutwater voordat jy dit was – dit verwyder alle vlekke.

Kraag

- Maak 'n pasta van asyn en koeksoda en vryf dit aan die kraag.

Krytmerke op mure en klere kan met tandepaste op 'n ou tandeborsel geskrop word.



Kryt

Koppies

- Week die gevlekte koppie in 'n eetlepel sout en een koppie water. Nat sout verwyder die vlekke van koppies en pierings.
- Vlugsout haal vetvlekke uit.
- Week koffiebekers oornag in 'n bleikmiddel om van vlekke ontslae te raak.

Kougom

- Verwyder kougom uit jou klere deur die taai kol met grondboonbotter te smeer. Die olierigheid werk mooi saam om die taaiheid uit te kry. So 'n klein bietjie vryf en alles is uit.
- Vryf 'n ysblokkie oor die kougom sodat dit kan hard word en trek af. As dit 'n vlek los, druk 'n bietjie bloekomolie of terpentyn daarop.
- Hierdie rate werk op vloere, matte, teëls én materiaal.

Linne

- Om linnegoed wit te maak, sny 'n dik skyf van 'n skoongemaakte suurlemoen. Sit dit saam met die linne in 'n pot as dit gekook word. Die suurlemoen neem al die vlekke uit die linne uit en maak dit mooi wit.
- Warm seepwater is die beste raad vir vlekke op tafellinne.

Matte

- Biervlekke kan uit 'n mat verwyder word deur dit met witasyn te vryf.
- Indien troeteldiere op die mat geürineer het, gooi koeksoda daarop. Los 'n rukkie en stofsuijg soos gewoonlik.
- Vir kolle op matte, meng vier eetlepels brandspiritus, vier eetlepels wit asyn, vier eetlepels Scrubb's Cloudy Ammonia en een liter warm water. Spuit met sproeikannetjie op die kol en borsel deeglik.
 - Om ink uit matte te haal, neem karringmelk en 'n skoon lap. Gooi karringmelk op die ink en druk daarop met die lap totdat die ink uit is. Was dan die plek met warm water en ammoniak.
 - Sodawater of wit asyn haal gewoonlik hardnekkig vlekke soos rooiwyn en bloed uit matte uit.
 - Stop 'n skoon vloerlap in 'n plastiekgroentesakkie en was jou matte daarmee.
 - Verwyder kolle op 'n mat met een deel witasyn en drie dele water.

Waar ink op 'n mat gemors is, trek jy dit dadelik op met kladpapier.

Vryf die kol met 'n lap wat in gekookte melk gedoop is en vryf daarna met 'n droë lap.

Olie- en vetkollie

- Gooi babapoeier op vetkollie in kledingstukke voordat jy dit was.
- Indien daar olie op die plaveisel of motorhuisvloer gedrup het, kan dit skoongemaak word deur gewone sement op die olie te gooi. Die sement sal die olie absorbeer en kan na 'n dag of wat met 'n besem weggevee word.
- **Oliebottels kan maklik skoongemaak word deur 'n bietjie koffiemoer in die bottels te gooi en goed te skud. Was daarna uit met skoon water.**
 - Om kerswas van materiaal te verwyder, plaas 'n stuk koerantpapier bo-oor die materiaal en stryk met 'n lou yster. Die was sal dan in die papier in trek en die materiaal sal weer skoon wees.
 - Om vetkollie van klere te verwyder, kan 'n blikkie Coke op die klere gegooi word. Was die klere daarna soos gewoonlik. Die Coke sal help om die vetkollie op te breek en te verwyder.
 - Om vetkollie van klere te verwyder, spuit gewone Doom op die kol en vryf die kol en spoel uit.

Pampoen

- Om te verhoed dat die hande vlek wanneer pampoen geskil word, smeer die hande vooraf met 'n bietjie botter of vet.
- Suurlemoensap sal hande wat deur groente gevelek is weer mooi wit maak.

Plafonne

- Plafonne wat klein merkies of vlekke op het, kan weer nuut lyk as dit met wit skoenpolitoer behandel word.
- Vir kwaai waterlekkie wat die plafonne bruin vlek, verf wit padverf daarop. Die bruin vlekke sal nie weer deurslaan nie.

Roes

- Vryf 'n bietjie wynsteensuur saam met water op die roesvlek.

Sigarette

- Gooi bakpoeier onderin asbakkies om stompies se brandvlekke te voorkom en reuke te verminder.
- Verwyder nikotievlekke van jou hande met suurlemoensap.

Strykyster

- Verwyder stysel wat vasgebrand het aan 'n yster deur tafelsout op bruinpapier te gooi en die yster daaroor te vryf.
- Vryf 'n halwe suurlemoen gedoop in sout oor die strykyster se boom.

Sweet

- Dit is nie nodig om moedeloos te raak oor sweetvlekke op kledingstukke nie. Week die kledingstuk in vuurwarm water en 'n koppie wit asyn. Gebruik 'n houtlepel om dit nou en dan om te roer. Week dit vir 'n uur en was dan soos gewoonlik.
- Hardnekkige sweetvlekke op wit klere kan ook met aspirien verwyder word. Los twee aspirientablette op in warm water en week die vlek daarin vir 'n paar uur. Was dan soos gewoonlik.
- 'n Alternatief is om bloot 'n koppie asyn by die spoelsiklus van jou wasgoed te gooi. Dit moet egter net by koue water gevoeg word. Asyn is ook 'n goedkoop alternatief vir 'n versagmiddel.
- Nog raad vir vlekke op klere is om 'n pasta van bakpoeier en water te maak en dit op die vlek te los vir 'n uur. Was dan soos gewoonlik.
- Probeer só van hardnekkige sweetvlekke ontslae raak op wit kledingstukke: Meng een deel water met vier dele waspoeier en smeer dit aan die plekke (aan die binnekant van die klere) waar die vlekke is. Laat dit vir 'n uur staan en borsel dan liggies. Spoel die kledingstuk skoon met koue water. Week dit dan oornag in koue water en was gewoonlik

Tee

- Om 'n teevlek uit materiaal te kry, maak 'n mengsel van gliserien en die geel van 'n eier. Wend aan en laat droog word. Was daarna in koue water.
- Vryf teevlekke met fyn tafelsout van teekoppies af.
- Verwyder koffie- en teevlekke op plastiekware deur dit met koeksoda te skuur.

Teer

- Haal teer op motors af met paraffien.
- Of vryf die merk met gewone botter of margarien aan 'n lap.
- Teerkolle op klere kan verwyder word deur bloekomolie op die kolle te smeer en dit daarna met warm water te was.

Toilet

- Gooi 'n blikkie Coke in die toilet en laat staan vir 'n uur. Spoel die toilet en jy sit met 'n sprankelskoon toilet.
- Om 'n gevlekte toilet skoon te maak, kan 'n bietjie swembadsuur of chloor in die toilet gegooi word. Laat dit vir 'n uur staan en skrop en spoel.
- Om hardnekkige watervlekke uit die toiletpot te kry, gooi drie koppies asyn in en laat staan vir 'n uur of twee. Skrop en spoel.

Messegoed

- Om messegoed van vlekvrystaal skoon te kry, maak die opwasbak in jou kombuis halfvol water, voeg 'n halwe koppie huishoudelike bleikmiddel daarin en week die messegoed 'n halfuur lank. Spoel deeglik af en vryf droog.



Vrugtevlekke

- Om vrugtevlekke uit materiaal te haal, sprei die stuk materiaal waarop die vlek is oor 'n bak, gooi kookwater tweemaal daarop, en droog dit in die son. Moenie seep gebruik nie.

Water

- Indien jy hardnekkige watervlekke in 'n beker of houër het, vul die houër met asyn en laat staan 'n paar uur en

verwyder dan met 'n skuursponsie. (Asyn kan oor en oor gebruik word vir dié doel.)

- Indien 'n warmfles lank leeg gaan staan, gooi 'n paar suikerklonte in die fles om klammigheid uit te hou.
- Maak 'n gevlekte warmfles skoon met drie eetlepels koeksoda en vul met kookwater. Laat vir 15 minute staan, spoel en laat oop om droog te word.
- Om hardnekkige koffiereuke en -vlekke in 'n warmfles te verwyder, gooi een koppie kookwater met een eetlepel rou rys in. Skud die bottel vir 'n paar minute, spoel uit en laat om droog te word.

Wyn

- Gooi dadelik sout op die vlek of gooi witwyn oor die vlek.
- Sodawater of wit asyn haal gewoonlik hardnekkige vlekke soos rooiwyn uit matte uit.

Vuurmaak

- Gebruik leë melkkartonne om vuur te maak – die lagie waarmee hulle buite behandel is maak dat hulle lank brand.
- Indien jy papier brand, moenie gekleurde tydskrifblaaië gebruik nie. Dit laat loodgasse vry. Rol koerantpapier in 'n dun rolletjie. Knak in die middel en steek vuur dan aan.

Skottelgoed

- 'n Wenk vir almal wat lui is om laatnag skottelgoed te was: Spuit 'n oplossing van skottelgoedseep en water op die stoof, potte en ander skottelgoed. Laat die eetgerei in 'n roomysbak met water week. Die volgende oggend vee jy net die stofooppervlak af, en potte en ander skottelgoed is sag en reg vir die was.
- Skottelgoedseep: Gooi vier liter koue water in 'n kastrol groot genoeg om sowat 11 liter vloeistof te kan neem. Plaas die kastrol op 'n stoofplaat wat op die hoogste hittegraad aangeskakel is. Terwyl die water stadig warm word, gooi die volgende in die kastrol: Twee bottels antibakteriese skottelgoedseep (1,5 liter elk) of enige ander tipe vloeibare skottelgoedseep, 1 kg waspoeier (sommers die goedkoopste wat jy in die hande kan kry). Gebruik 'n handwaspoeier wat baie skuim maak. Gebruik 'n houtlepel om die mengsel stadig deur te roer. Gooi nog vier liter warm kraanwater by en roer stadig deur. Gooi dan 'n groot opskeplepel gliserien en vier opskeplepels blou spiritus by en meng deur. Wanneer die water amper kookpunt bereik, haal die mengsel van die stoofplaat af en laat dit heeltemal afkoel. Gooi daarna oor in bottels vir verdere gebruik. Dit lewer sowat 11 liter skottelgoedseep.

Wasgoed

- Vir beetvlekke op 'n kledingstuk gooi 'n bietjie melk op die vlek en laat week in koue soutwater. Was dan in warm seepwater.
- Vir droë bloed op klere, week in koue soutwater (een eetlepel sout per liter water).
- Gooi babapoeier op vetkollie in kledingstukke voordat jy dit was.
- Gooi dadelik sout op witwynvlekke op klere.
- Voorkom handdoeke wat hard uit die was kom – veral in brakwater. Was jou handdoeke in warm water met seep en gooi ongeveer 'n handvol sout by. Los die sout op in die water. Moenie versagter gebruik nie. Spoel die seep goed uit. Spoel weer maar gooi 2 eetlepels ammoniak of witasyn in die laaste uitspoelwater.
- Hou afdroogdoeke sag deur hulle onder koue water met 'n knippie Engelse sout by uit te spoel.
- Hou jou wit klere wit deur dit in vyf liter water en een koppie asyn te week.
- Hou sokkies in pare deur hulle met hakspelde aan mekaar vas te maak en dan in die wasmasjien te gooi. Dit bespaar baie tyd – veral as die gesin groot is.
- Indien wit rugbybroekies groen merke op kry van die gras wanneer daar gespeel word, spuit Windolene daarop en vryf die broekie. Was dan soos gewoonlik en die groen merke sal weg wees.
- Mielieblom kan bloedvlekke verwyder. Spoel die vlek in koue water, vryf dan klam mielieblom in. Plaas die item in die son.
- **Om beetvlekke te verwyder, smeer dit met gliserien en vryf met 'n spons voordat dit in warm seepwater gewas word.**
- Om bloedvlekke uit te kry, week goed in parrafien en dan weer in koue water.
- Om kant wit te hou, was dit gereeld in melk.
- Om kerswas van materiaal te verwyder, plaas 'n stuk koerantpapier bo-oor die materiaal en stryk met 'n lou yster. Die was sal dan in die papier in trek en die materiaal sal weer skoon wees.
- Om die mufreuk uit klere te kry, neem 'n halwe botteltjie vanielje-essens, gooi dit in 'n skottel met water en week die kledingstuk 'n ruk daarin. Hang dit dan in die buitelig om droog te word. Of week jou kledingstuk oornag in asyn of Jeyes Fluid; dit behoort ook die reuk uit te kry.
- Om slegte reuke uit die wasmasjien te verwyder, gooi vier eetlepels koeksoda in en skakel die wasmasjien op die spoelsiklus.
- Om te voorkom dat ligte wolletjies op donker klere kom, was die wasgoed met die binnekant buite.
- Om te voorkom dat wolklere rek in 'n wasmasjien, sit dit in 'n kussingsloop en was dan.
- Om vlekke op 'n handdoek te verwyder, vryf vlek met 'n bietjie Dettol.
- Sodawater of witasyn haal rooiwynvlekke uit.
- Strooi dadelik sout oor ink wat op wit materiaal gemors is en vryf met 'n suurlemoen daaroor.
- Verminder jou kragrekening deur al jou strykwerk op een slag te doen.

Ryperd

Jakkals is kwaad vir Hasie, want hy het stories by vrou Jakkals gaan aandra, en nou het sy haar man die huis belet. Maar Hasie het baie planne. Op 'n dag hoor hy Jakkals suutfies in die paadjie draf. Toe gaan lê hy in die bossies en kreun.

"Ha! nou het ek jou, Haas," sê Jakkals, en hy wil net spring, maar Hasie antwoord met 'n swak stem: "Vat my maar, Jakkals. Ek is te siek om te vlug. Tel my op jou rug, dan dra jy my huis toe."

En Jakkals dink dis glad nie so 'n slegte plan nie. Nou sal sy vrou sommer weer vir hom goed word as hy met 'n lekker stuk haasvleis daar aankom. Jakkals laat loop in die paadjie af, en Hasie moet net klou.

"Jakkals, Jakkals!" roep hy later, "Die vlieë pla baie. Pluk tog vir my 'n taajibostakkie dat ek hulle kan wegjaag."

"Ai, jy is lastig," sê Jakkals, en hy gaan pluk maar.


Toe hulle nog van ver af na Jakkals se huis toe aankom, staan sy vrou al op die stoep om te kyk wat haar man hier kom soek. "Vrou, vrou!" roep Jakkals. "Ek het vir jou 'n lekker vet haas gebring."

Maar kyk, nou sit Hasie regop, en die pyne is skielik uit sy lyf, en die taajibostak is 'n lat. "Vrou, vrou!" koggel hy Jakkals. "Ek het vir jou 'n lekker vet jakkals gebring!" En die lat gesels oor Jakkals se blaaië, en Jakkals bokspring en galop. Toe wip Hasie van sy rug af en verdwyn lag-lag in die bossies. "Nee, so 'n treurige man wil ek nie hê nie," sê vrou Jakkals. "Waar het jy al van 'n jakkals gehoor wat hom deur 'n haas laat ry? Maak dat jy wegkom hier voor my oë!"

VAT HOM, JAKKALS!

Deur hul aanraking met mekaar, het die sprokies van die verskillende rasse so vermeng dat 'n mens soms nie weet waar die Boesman-storie ophou en die Hottentot-invloed begin nie, om van die invloed van wit en swart mense nie eens te praat nie. Maar die belangrikste bly die verhaal self.





Vat Hom, Jakkals!

Die Byekerk

Hasie hardloop na die berg se kant toe, en daar sien hy 'n bynes diep in 'n klipskeur. "Ai!" sê Hasie:

"Lekker is lekker,
en goed is goed –
en die beste lekker
is heuningsoet!"

En Hasie druk sy kop diep in die skeur om die nes by te kom, maar hy het nie geweet dat Jakkals al weer spoorsny nie. Hy sit nog so, toe Jakkals hom aan die hakskeen gryp. "Ha! nou het ek jou Haas," sê Jakkals, en hy wil hom sommer sy tande laat proe.

Maar Hasie het klaar geskrik en ver gedink. "Sjuut, Jakkals," sê hy. "Kan jy nie hoor my vriende hou kerk nie?" "Waar?" vra Jakkals nuuskierig.

"Hier in die klipskeur," sê Hasie. "Ai, hulle sing tog te pragtig!" "Laat ek hoor, sê Jakkals, en hy druk sommer in. Dan trek hy sy kop weer uit en sê: "Nee wat, hulle kan nie sing nie. Dis net brom brom brom, al op dieselfde wysie." "Hulle is seker moeg," sê Hasie. "Steek 'n bietjie 'n stok daar by die voordeur in dat hulle weet ons is hier. Dan moet jy hoor."

En Jakkals gryp 'n stok, en hy werskaf in die klipskeur rond, en toe druk hy sy kop in om goed te luister. Nee kyk, dit was 'n sonde. Die bye mors met Jakkals; hulle verniel hom; hulle steek hom byna dood. Hy spring om en hardloop, maar die bye het nie tyd nie. Dis net zoem tjiek! "Eina!" Zoem tjiek! Zoem tjiek! Zoem tjiek! "Eina! Eina! Eina!" Hasie lê soos hy lag. Hy rol soos hy lag. Hy maak hom eintlik seer. Nee, Jakkals sal hom nie gou weer pla nie.

Maar Hasie is glad te gerus. Sing-sing in die paadjie. Wirts-warts om die bossies. Kyk nie waar hy loop nie; trap nie waar hy kyk nie. Woep! daar sit hy. Jakkals het voëlent aan 'n stomp gesmeer en dit in die paadjie neergesit. Hasie spook, maar hy sit al hoe vaster. Hy ruk en pluk en skree. Jakkals kom tussen die bossies uit. "Ha! nou het ek jou, Haas!" sê hy. Sy lippe is nog altyd skeef geswel van die bysteke sodat dit lyk asof hy nie kan ophou lag nie. Hasie word stil." Ja, jy het my, Jakkals," sê hy. "Nou kan jy my maar opeet. Dis net jammer om so dorstig te sterwe. Ek was juis op pad rivier toe."

"Nee, ons kan 'n bietjie gaan drink," sê Jakkals, wat hom heeltemal droë tong gehardloop het om die strik vir Hasie reg te kry. Hy pluk Hasie los van die voëllim af, gooi hom oor sy skouer en stap af na die drinkplek toe. Ai, hoe stil en blink is die water nie. Jakkals laat sy kop sak om te drink. Maar kyk die ongeskil! Hierdie ander jakkals druk sommer sy snoet tussenin. "Gee pad!" brom Jakkals. "Wat is dit nou, Jakkals?" vra Hasie agter sy skouer. "Kyk self," sê Jakkals, en hy sit hom neer. En: "Staan soontoe!" sê hy vir die ander jakkals wat hom al weer beskou.

Hasie sien dadelik dat Jakkals met sy eie weerkaatsing baklei, maar hy sê niks nie. "Loop weg hier!" sê Jakkals vir die derde maal, en hy wys tande, maar die waterjakkals wys terug. "Moenie so met jou laat speel nie!" roep Hasie. "Kyk hoe staan daardie ander dier se mond soos hy jou uitlag. Vat hom, Jakkals!"

Toe Jakkals gryp, gryp die ander jakkals ook. Toe Jakkals duik, is hulle doems! al twee binne-in die water. Toe Jakkals verdwyn, is alles weg. "Ha ha ha!" lag Hasie: "Kwaai is kwaai, en kwaai se voet: ou Jakkals soek sy eie bloed!"

En toe Jakkals hangstert uit die water klim, sing Hasie al ver in die paadjie af.



vkó****

www.bieliemielie.co.za | www.vkb.co.za

BIELIEMIELIEFEES
Reitz • Die fees met gees





2017



'Like' ons op **facebook** 
om al die foto's van die fees te sien





Elite-dag vir Graan

Ongeveer 65 graanprodusente van Limpopo was onlangs die gaste van die Graan-afdeling by die spoggerige Tsekama Lodge buite Modimolle. Dit was 'n elite-dag, die breinkind van Herman Smit, en gereël deur homself, Jandré Potgieter en Gert de Bruin.

Volgens Gert (bestuurder: Graan), was die doel van die dag om nader te beweeg aan produsente in Limpopo, op 'n hoër vlak verhoudinge met die graanprodusente en klantebasis van Limpopo te groei, hulle opgewonde te kry oor die pad saam met VKB/NTK Graan, hoop te skep en toekomsvoorwagings en uitkyk ten opsigte van hul bedrywe. In kort om 'n wenspan, 'n vennootskap te vestig tussen NTK Graan en graanprodusente van Limpopo.

Nadat Gert op treffende wyse geopen het, het Francois Froneman die verwelkoming gedoen. Hy het ook verkorte CV's van die gassprekers voorgehou. Die gassprekers was John Purchase en Ferdi Meyer, albei al ontvangers van die toekenning Landbou-ekonomies van die Jaar.

Voor die gassprekers aan die woord gekom het, het Koos van Rensburg van VKB die uitgelese gehoor toegespreek. Hy het VKB/NTK se missie voorgehou en bygevoeg dat VKB se streef is om die BESTE landboubesigheid in die land te wees. Hy het resultate bespreek waarin dit duidelik was dat VKB se landboubeest, waarvan NTK deel is, sterk staan. Hy het VKB/NTK se pad vorentoe uitgespel en die verbintenis tot die produsent herbevestig.

John Purchase het 'n insiggewende toespraak gehou waarin hy onder andere voedselsekureit in Suid-Afrika bespreek het. Hy het boere aangemoedig om geleenthede raak te sien in die risiko's waarin die bedryf funksioneer en dit aan te gryp.

Ferdi Meyer het groei in die landbou bespreek asook die feit dat boere in 'n globale omgewing sal moet meeding. Ook hy het interessante feite na die tafel gebring, maar ook 'n boodskap van hoop na boere gebring.

André Odendaal, Graan-bedryfshoof van VKB, het boere genooi om gebruik te maak van graandienste van NTK en sodoende hulle belang in die organisasie te koester. Hy het boere gevra om NTK Graan die voorkeurvennoot op die plaas te maak.

In sy bedankingsrede het Gert boere bedank vir hulle ondersteuning en by voorbaat vir die groot oeste wat hulle gaan lewer. Hy het gesê hy en VKB is positief oor die landboubedryf vorentoe.

Daarna kon boere persoonlik met sprekers en amptenare gesels terwyl hulle 'n heerlike brunch geniet het. Dit was voorwaar 'n elite-dag en terugvoering was oorweldigend positief. Wie weet, dalk word hierdie dag 'n jaarlikse instelling.





Nico Jansen van Rensburg gaan hoenders bemark



Nico Jansen van Rensburg is aangestel as verkoopsbestuurder van Grainfields Chicken in Limpopo. Hy sien geweldige potensiaal in die hoendermark en terwyl ekonomie, boere en bestuurders die saak van ingevoerde hoender en die impak daarvan op die land bespreek, is Nico opgewonde om Grain Fields-hoender te verkoop.

Grainfields Chicken se hoenderprodukte is van hoogstaande gehalte en beskikbaar by alle NTK-handelstakke.

Drie nuwe gesigte in besproeiing

Die droogte van 2015/2016 was weereens 'n bewys dat water en die bestuur van hierdie skaars hulpbron een van die belangrikste komponente in die landbou is. Doeltreffende besproeiing is die antwoord op baie van die boer se bekommernisse. NTK het dit goedgevind om die besproeiingsafdeling uit te brei. Baie welkom aan die volgende persone:



Eben Britz



Cilliers le Roux



DW Buys

Welkom terug, Wynand le Roux



Wynand le Roux het geen bekendstelling nodig nie. Hy het vir vier jaar by NTK se handelstak op Modimolle gewerk, maar was die afgelope twee jaar in Ermelo werksaam. Hy was ook vir 'n tyd verteenwoordiger van Cipla. Nou is hy terug as streeksbemarker in André du Toit se span van bemarkers. Hy sien uit na die uitdaging om NTK in die Marken-, Baltimore-, Tolwe-, Ellisras- en Tomburke-gebied te bemark.

Venda kry toekenning

Die Handelsafdeling van NTK het einde 2016 'n vergadering in die Tzaneen-omgewing gehou om sake van belang te bespreek. Tydens hierdie vergadering het Agrinet ook sy dank en waardering teenoor die handelstakke uitgespreek vir volgehoue ondersteuning deur 2016. Riaan Barnard van Agrinet het trofee vir die handelstak wat hulle die beste ondersteun het deur die jaar oorhandig aan Willie Els van Venda en Norman Masia van Venda Depots.

Meganisasiedag in Polokwane

Johan Smit, meganisasie-bemarker in Polokwane, laat nie 'n geleentheid verbygaan om Case-trekkers en implemente te bemark nie. Hy het onlangs weer 'n boeredag gereël om hierdie pragstukke te demonstreer.

Die groot knewels het hul staal gewys op die lande en implemente vir verskeie boerderybedrywighede is ook gedemonstreer. Dit was beslis iets wat veral beesboere geniet het.

Die dag het reeds vrugte afgewerp en Johan voel baie tevrede. Hy beoog om later in die jaar weer 'n soortgelyke dag te hou want vanjaar is dit die jaar van meganisasie. Kontak gerus enige NTK-bedryspunt om 'n afspraak te reël met bekwame verkoops personeel van Case-trekkers en -implemente.




Carel Oosthuizen, JP van der Merwe en Johan Smit

Weesgerus. Dit is harde werk, maar beslis die moeite werd. Na alle waarskynlikheid maak hulle die einde van die jaar weer so!



Xmas joy

NTK showed once again that the people of the province matter to the company. They spread Christmas joy in the Modimolle township of Phagameng. Various nursery schools received gifts and sweets to hand out to the children. Because we care.



Weesgerus se NTK-pret

Vakansiegangers aan Weesgerus-vakansieoord op Nylstroom weet beslis waar om al hulle kamptoerusting aan te skaf. Hulle weet dat NTK die belangrikste besigheid in die dorp is en dat enige kontak met NTK 'n aangename ervaring is.

Michael van der Merwe en sy span was vanjaar weereens betrokke by die Weesgerus-vakansieprogram. En die besoekers aan die oord is behoorlik vermaak.

Daar was kompetisies, speletjies en natuurlik 'n NTK-winkel in die klein waar hulle verskeie produkte kon koop. Dit was nie op die perseel te koop was nie, kon hulle maklik by die tak kry.

Een van die hoogtepunte was die braaikompetisie. Deelnemers het 'n stuk draad, 'n paar kole en 'n stuk rou wors gekry. Hulle moes plan maak om die wors gaar te kry. Daar is lekker gelag en sommige deelnemers het die wors aan die rou kant geëet. Maar pret was dit verseker. Michael is jaarliks in sy noppies met die betrokkenheid by

Dirk Sauer: Nutfield-silo



NTK verwelkom vir Dirk Sauer as silobestuurder van Nutfield nadat die vorige bestuurder, Johan du Preez, Danielsrus toe verplaas is. Vir Dirk is dit ook 'n oorplasing in die VKB-groep. Hy was vir vier jaar silo-opeerder by Villiers voordat hy Nutfield toe bevorder is as bestuurder.

Vincent joins the team

Vincent Masekela is now part of the AgriDev team, the team that goes out and makes a difference in the upcoming farming community under leadership of Braam Crots. Vincent is no newcomer to NTK and got the position after Mooka decided to become a full-time farmer himself. Vincent was born and raised in Mohdii Gamanthata, a rural village close to Dendron. After matriculating at Seropa Secondary School in the village Brussels in 2006, he studied BA Agriculture at the University of Venda majoring in Agronomy.

After working as an intern for the Department of Agriculture, he went back to school and did his honors at the University of Limpopo. While training at Tompi Seleka Agricultural College, he crossed paths with NTK and in 2012 he became marketer at NTK Louis Trichardt. After 18 months he was transferred to Dendron and last year he was transferred to Polokwane where he became Agricultural Advisor.

Tzaneen borg skoledag

Tzaneen Handelstak was onlangs die hoofborg van Laerskool Tzaneen se sportdag en prestasietoekennings. Frikkie van Vuuren hou NTK se naam in mense se geheue vasgevang deur sigbare borgskappe te doen. Hierdie bestuurstyl het die gewenste uitwerking op die tak se syfers.

What's happening in AgriDev?

There are a lot of things happening in Agricultural Development at the moment. To name but a few: Dry land maize in the Sekukune District; Peppadew project is looking good, as well as other projects at various stages within the department.

They are a positive team making a difference in Limpopo. For the love of the land, for the love of the people.



ipppp maake (img, A154425/REV)

YieldGard®
MAIZE II

YieldGard® Maize II

YieldGard® II bied uitstekende beheer teen *Busseola fusca* (Afrika-mieliestronkboorder) en *Chilo partellus* (die sorghumstronkboorder of gevlekte meliestronkboorder).

Oes die voordele van YieldGard® II-tegnologie!

Roundup Ready®
MAIZE 2

Roundup Ready® Maize 2

Roundup Ready®-tegnologie en -sisteme bied:

- Toegang tot bewaringsbeweringspraktyke
- Breëspektrum onkruidbeheer
- Bewese gewasveiligheid
- Toedieningsbuigsamheid

Wees wys en span ons slim tegnologie in om jou oes te beskerm.

Kontak gerus ons kliëntediens by **011 790-8200** of
customercare.sa@monsanto.com

Monsanto, Roundup Ready®, YieldGard® Maize II en Roundup Ready® Maize 2 is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

MONSANTO





Die Pad Saam Vaart

3 NAGTE - 17 TOT 20 NOVEMBER 2017
VAN DURBAN NA PORTUGESE EILAND AANBOORD DIE MSC SINFONIA

Welkom aan boord van die MSC Sinfonia vir 'n vaart vol pret saam met Die Pad Saam-span. Op die reis is daar elke minuut van die dag of nag iets om jou mee te vermaak. Die MSC Sinfonia van 58 000 ton is die grootste en modernste vaartuig wat nog ooit in die Suid-Afrikaanse waters gevaar het, en bied aan gaste al die geriewe wat jy sou verwag van die wêreld se beste passasierskepe, soos 'n teater, kuiersitkamers waar vertonings aangebied word, 'n disko, verskeie kuierkroeë, winkels, 'n kasino, swembaddens, jacuzzi's, putt-putt-baan, spa, gimnasium, speletjieskamers en 970 kajuite waarvan 135 hul eie privaat balkonne het.

VANAF R3 650 - BESPAAR TOT 40%

17 November – Vertrek vanaf Durban

Vandag word jy op die MSC Sinfonia in Durban-hawe verwelkom. Maak seker jy staan op die dek wanneer die boot na die Portugese Eiland vertrek.

18 November – Portugese Eiland

'n Dag propvol pret op die lieflike strand van die Portugese Eiland. Gaan stap rond, ontspan in die warm kristalhelder water met 'n koue drankie uit die kroeg terwyl die boot se sjefs jou middagete voorberei by die grootste strandbraai in die Suidelike Halfrond. Die meer avontuurlustiges kan aan die snorkelduik-, visvang- of duikerskursies deelneem of met 'n boot na Inhaca toe vaar om van die beste peri-peri-garnale en -hoender by die Lucas Restaurant in die dorpie te gaan proe. Of ontspan sommer-net by die strandkroeg.

Vanaand se tropiese partytjie aanboord van die boot moet beslis nie misgeloop word nie, en is dikwels die hoogtepunt van die hele vakansie.

19 November – Op die see

Teen hierdie tyd ken jy nou al die boot en die lewe aanboord en is dit nou die tyd om al die vermaak op die program te geniet. Met drie etes daaglik en ook middernaghappies en tee en fyngebak wat gereeld voorgesit word, hoef jy jou net oor jou middellyf te bekommer terwyl die boot terugseil na Durban.

20 November - Durban

Ons vroegoggendaankoms in Durban beteken die einde van jou pretgevolle vakansie.

Kajuitkategorie	Kategorie	Spesiale tarief per persoon wat deel
Binnekajuit	Kategorie I1	R3 650
Binnekajuit	Kategorie I2	R3 850
Seeuitsig-kajuit	Kategorie O1	R4 050
Ekonomiese seeuitsig-kajuit	Kategorie O2	R4 250
Seeuitsig-kajuit met balkon	Kategorie I2	R5 050
Balkonsuite	Kategorie S1	R5 350

Hawe-, bagasie-, versekering- en diensfooi – R1 000 per persoon.

Let wel:

Bepalings en voorwaardes geld. Foute en weglatings uitgesluit. Spesiale tariewe kan nie saam met enige ander afslagaanbod gebruik word nie. Fooie word bereken teen huidige inventaris maar afslagte word beheer deur kapasiteit en kan ter eniger tyd teruggetrek of verminder word sodat pryse kan styg soos wat die boot voller word. Onderhewig aan beskikbare plek op tyd wanneer bespreking versoek word. Beperkte beskikbaarheid op hierdie aanbod op 'n eerste-daar-eerste-klaar-basis.

Ingesluit by jou tarief:

Verblyf in die kategorie waarin bespreek
3 etes per dag plus daaglikse middernaghappies
Partytjie vir alleenlopers
Vloervertonings elke aand
Disko
Alle speletjies en daaglikse aktiwiteite
Toegang tot kasino
Aerobiese oefening en gimnasium



Bespreking moet direk per e-pos by SA Cruises gedoen word.
Meld in die e-pos "Die Pad Saam Readers' Special Offer".
Vir besprekings en navrae rig e-pos aan reservations@sacruises-sa.co.za
of bel 087 357 9133

Gee jou tuin 'n WONDER™ hupstoot!

Maak ongeveer
25l
plantvoedsel



Wondersol™ All Purpose

- 'n Organiese plantgroeistimulant en 'n plant stress bestuur produk.
- Geskik vir saailinge, grasperke, bome, struik, rose, sierplante en pot plante wat beide binnenshuis en buite groei.
- Kan gebruik word op beide alkaliese en suurliewende plante.

Wondersol™ Colour Boost Plant Food

- Bevorder plant groei en voedingsopname.
- Plant stress bestuur en beskerming.
- Geskik vir binne- en buitenshuise plante.

Wonder™ Kelp

- Plantgroeistimulant wat sterk wortels en verbeterde blomvorming bevorder.
- Betekenisvolle verbetering vir die vestiging van jong bome en saailinge.
- Geskik vir alle binne- en buitenshuise plante, blomme en groente.

Kliënte Diens Tel 086 133 3586 | info@efekto.co.za | www.efekto.co.za

Registrasie houer: Agro-Serve (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1973/000868/07. Versprei deur: Efekto Care (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2009/006357/07, Posbus 652147, Benmore, 2010. Wonder en die Wonder ketekens is die geregistreerde handelsmerk van Agro-Serve (Edms) Bpk. Alle regte voorbehou. WONDERSOL™ All Purpose Organiese gebaseerde plantvoedsel Reg. Nr. K7776 N-F0365 bevat 81,45 g/l N; 17 g/l P; 48 g/l K; 1,11 mg/l Mg; 0,32 mg/l S; 23,01 mg/l Fe; 43,05 mg/l Mn; 124,16 mg/l Zn; 27,81 mg/l Cu; 422,19 mg/l B; 261,59 mg/l Mo. WONDERSOL™ Colour Boost Organiese gebaseerde plantvoedsel Reg. Nr. K8552 N-F0625 bevat 81,45 g/l N; 17 g/l P; 48 g/l K; 1,11 mg/l Mg; 0,32 mg/l S; 23,01 mg/l Fe; 43,05 mg/l Mn; 124,16 mg/l Zn; 27,81 mg/l Cu; 422,19 mg/l B; 261,59 mg/l Mo. KELP Reg. Nr. L2812 N-AR0925 bevat 2,2mg/l Natuurlike oksiesien; 0,0062mg/l Sitokiniene van *Ecklonia maxima*. Produkte is geregistreer onder Wet No. 36 van 1947.

Wonder™



SUB-SAHARAN AFRICA IS LAGGING BEHIND ITS COMPETITORS IN TERMS OF PRODUCTIVITY

Sub-Saharan Africa is the only region in the world where there is still enough land for large-scale crop production. However, to benefit from this production potential and attract investors, African governments need to address the social, political and economic instabilities in their countries.

This was according to a report on the opportunities for agricultural expansion in sub-Saharan Africa compiled by Agribiz agricultural economists, Tinashe Kaituma and...

...you a perspective of how Sub-Saharan Africa is lagging in productivity," he said. Access to improved fertilisers, which average malnutrition could help more of... "On the other hand, the average yield was about 0.5t/ha. In Zimbabwe's maize/soyabean rotation, the yield was about 0.3t/ha. In Zambia, the yield was about 0.2t/ha. Compare that with 1t/ha in the US and this...

ADVERTISING AND BUSINESS

More pull. More plough. More performance.

Now getting the most out your machinery is so much easier with our speciality lubricants and fuels. Scientifically designed to keep every running part moving smoothly, they reduce wear and tear and prevent cost inflicting breakdowns. Ensuring that everything runs as it should and you are able to reap your hard earned rewards.



laait dit glad loop

RADAR/17/E